

Onderrigplan

AFRIKAANS

HUISTAAL

KWARTALE 1 & 2

GRAAD
3





Onderrigplan

GRAAD 3 | KWARTAAL 1 & 2

AFRIKAANS

Copyright © 2026 National Educational
Collaboration Trust (NECT)

This work is licensed under a Creative Commons
Attribution–NonCommercial–NoDerivatives 4.0
International License (CC BY-NC-ND 4.0).

Additional permissions beyond the scope of this license
may be available. For further information, please
contact the publisher at **materials@nect.org.za**.

First edition, 2026





KWARTAAL 1 ONDERRIGPLAN





Luister en praat: Stel die tema bekend



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Prente en
werklike
voorwerpe
vir die tema-
uitstalling

Kern-
leesboek

1. **Berei 'n tema-uitstalling voor: Ons reis**
2. **Vra oop vrae om die leerders se agtergrondkennis aan te wakker.**
 - Watter tipes vervoer kan ons gebruik om te reis?
 - Sal jy eerder oorsee wil gaan op 'n boot of in 'n vliegtuig? Hoekom?
 - Sal jy eendag graag na die ruimte wil reis? Hoekom of hoekom nie?
3. **Maak 'n breinkaart deur die vrae en die leerders se antwoorde te gebruik.**
4. **Voeg u eie antwoorde by die breinkaart om die leerders se kennis uit te brei.**
5. **Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 2.**
6. **Sê vir die leerders om na die taalverryking van die tema te wys.**
 - a. Lees die taalverryking hardop.
 - b. Gee die leerders opdrag om dit saam met u te lees, of om dit na u te herhaal.:
So ry die trein
So ry die trein, so ry die trein
Die Kimberley se trein.
So ry die trein so ry die trein
Die Kimberley se trein.
Hoor daar hoe stoom hy,
stoom hy, stoom hy,
opdraand en afdraand
Kimberley se trein.
7. **Bespreek die taalverryking met die leerders.**
 - a. Vra: Kan jy my vertel wat hierdie beteken? / Kan jy die antwoord uitwerk?
 - b. Moedig die leerders aan om hulle idees te deel.
 - c. Verduidelik die betekenis of verskaf die antwoord as volg: Hierdie is 'n liedjie oor 'n trein wat na Kimberley gaan. Dit beskryf hoe die trein teen heuwels op en af beweeg en 'n "stoom"-geluid maak. Die liedjie sing lekker en help ons om ons te verbeel dat ons in die trein is.



Klanke: Assesseer fonemiese bewustheid informeel



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Asses-
seringsboek

1. **Hou 'n assesseringsboek gereed om notas oor individuele leerders te maak.**

2. **Gebruik 'n eenvoudige kode om leerders se prestasie aan te teken, bv.:**

1 = nog nie bevoeg nie

2 = bevoeg

3 = bevoegdheid oorskry

3. **Sorg dat die leerders rustig is, sodat u hulle aandag het.**

- a. Demonstreer aan die leerders hoe om woorde, in lettergrepe, te klap.
- b. Gebruik verskillende kossoorte as voorbeeld, bv.: sui-ker, pam-poen, vleis.

4. **Stap in die klaskamer rond en vra elke leerder om:**

- a. Sy/haar naam in lettergrepe te klap, bv.: Jo-lan-da
- b. Die eerste klank van sy/haar naam te sê, bv.: Jolanda begin met 'n /J/
- c. Demonstreer dit vir die leerders en begin dan met die meer bekwame leerders.

5. **Vlakbeskrywings:**

1 = Die leerder benodig hulp om beide take te voltooi.
--

2 = Die leerder voltooi een taak onafhanklik.

3 = Die leerder voltooi beide take onafhanklik.



Handskrif: Assesseeer informeel lettervorming van lopende skrif



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Asses-
seringsboek

1. **Berei die leerders voor vir handskrif.**
 - a. Sê: Kom ons warm ons vingers op deur 'n stuk papier op te frommel en dit dan weer glad te maak.
 - b. Kontroleer en pas die leerders se postuur en potloodgreep aan.
2. **Gee aan die leerders opdrag om die letters van die alfabet in kleinletters in lopende skrif neer te skryf.**
 - a. Gee aan die leerders opdrag om slegs die kleinletters wat hulle in lopende skrif ken neer te skryf.
 - b. Loop rond in die klaskamer terwyl die leerders skryf en neem kennis van elke leerder se lettervorming, skryfspoed, grootte van die letters ens.
 - c. Neem kennis van die leerders wat sukkel om letters te vorm, sowel as die rede waarom hulle sukkel.
Neem ook kennis van die leerders wat nie die alfabet ken nie.



Gedeelde lees: Stel die storie bekend



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Storiebundel,
Inleiding
bladsy 1

1. **Stel die storie bekend.**
 - a. Sê: Hierdie week gaan ons die storie lees met die titel, Shamiso se groot reis.
 - b. Sê: In hierdie verhaal gaan 'n jong Zimbabwese meisie, Shamiso, saam met haar gesin op 'n reis na Zimbabwe. Op pad om familie te besoek, stop hulle by die ruïnes van Groot Zimbabwe, waar hulle meer leer oor hul erfenis en kultuur.
 - c. Vra: Weet jy enigiets hiervan?
 - d. Wys die leerders vlugtig die prente uit die storie.
2. **Bou die leerders se agtergrondkennis.**
 - a. Deel en verduidelik die agtergrondinligting wat vir die storie verskaf is.
 - b. Wys aan die leerders waar die storie plaasvind deur van die Storiebundel se kaart gebruik te maak.
 - c. Vra: Het julle enige vrae oor die storie?
3. **Verduidelik die begripstrategie.**
 - a. Hierdie week gaan ons leer hoe om: Afleidings te maak.
 - b. Verduidelik die strategie aan die leerders.



Groepbegeleide lees: Oriënteer die hele klas



TYD:
30 minute



HULP-
BRONNE:
Kern-
leesboek

Leerders se
skryfboeke

Leerders se
potlode

- Gebruik hierdie tyd om die leerders gewoond te maak aan die roetines en riglyne vir Groepbegeleide Lees.
- Hoe meer effektief dit gedoen word, hoe makliker sal dit wees om Groepbegeleide Lees toe te pas.

Voorbereiding

1. Identifiseer en lei monitors aan die begin van GBL-tyd op om die volgende uit te deel:
 - Kernleesboeke
 - Leerders se skryfboeke
2. Oefen saam met die leerders om die Kernleesboeke en skryfboeke op die korrekte bladsye oop te maak.
3. Verduidelik dat die leerders vanaf Week 2 in pare sal werk gedurende Groepbegeleide Lees om die aktiwiteite in die Kernleesboeke te voltooi.

Lees in pare

1. Sê vir die leerders dat hulle vanaf WEEK 2, tydens Groepbegeleide Lees, met 'n maat sal werk om die aktiwiteite te voltooi.
2. Behandel die oefenaktiwiteite van die dag saam met die leerders.
3. Help hulle om elke aktiwiteit te identifiseer en maak seker dat hulle verstaan wat hulle moet doen.

Stel riglyne vir GBL vas

1. Lei die leerders op volgens 'n stel riglyne wat vir u en u situasie sal werk.
2. Hierdie riglyne behoort die volgende in te sluit:
 - a. Maak beurt om te lees en te luister as jy saam met jou maat werk.
 - b. Gebruik jou binnestem / vlak 1 stem / fluisterstem.
 - c. Wees geduldig en help jou maat.
 - d. Moenie jou hand opsteek of vir Juffrou pla terwyl sy besig is om na 'n groep se lees te luister nie.
 - e. As jy die badkamer moet gebruik, gebruik die badkamerkaart hiervoor.
 - f. Beweeg aan na die volgende aktiwiteit indien jy vashaak. Vra die onderwyser om jou te help sodra sy beskikbaar is.

Afsluiting van die les

1. Lei die leerders op om hulle Kernleesboeke en skryfboeke toe te maak.
2. Lei die boekmonitors op om die boeke vinnig en stil in te neem en dit op die rak terug te plaas.
3. Bedank die leerders vir hulle pogings. Wys 'n paar dinge uit wat hulle reg gedoen het.

Internaliseer die roetine en riglyne

1. Om GBL suksesvol te laat verloop moet die leerders weet wat van hulle verwag word en hoe om hulself te gedra.



Einde van die dag: Lees hardop



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Onder-
wyseres
se eie
hulpbronne

- Gebruik u eie hulpbronne: Grootboeke, Storiebundels en Storieboeke is almal geskik.
- Gebruik hierdie tyd om te demonstreer hoe om vlot en met gevoel te lees.
- Hierdie aktiwiteit help leerders om 'n liefde vir stories en lees te ontwikkel.
- Dit bou ook hulle woordeskat, agtergrondkennis en werkgeheue. Dit is alles belangrike begripsvaardighede.



Luister en praat: Onderrig woordeskat



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Woordeskat
se flitskaarte,
prente,
voorwerpe

Kern-
leesboek

1. **Herinner die leerders aan die tema.**
 - a. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 2.
 - b. Lees of noem die taalverryking weer 'n keer.
 - c. Wys aan die leerders die lys van woordeskatwoorde vir die tema.
 - d. Verduidelik dat hierdie woorde sal help om die tema te verstaan en om daaroor te gesels.
 - e. Lees die lys woorde aan hulle.
2. **Gebruik WOES om woordeskat te onderrig.**
 - a. Onderrig die volgende woordeskatwoorde:
 - reis: Om êrens heen te gaan, gewoonlik per motor, bus, trein of met 'n vliegtuig.
 - Zimbabwe: Dit is 'n land in Suidelike-Afrika, noord van Suid-Afrika.
 - paleis: 'n Baie groot en pragtige huis waarin 'n koning of koningin kan leef.
 - voorouers: Mense in jou familie wat baie lank gelede gelewe het soos jou oupa-oupagrootjie.
 - antieke: Baie, baie oud; van lank gelede (soos ou geboue of stories).
3. **Gebruik die strategieë van WOES wat gepas is vir elke woord:**

W: Wys – Wys na 'n prent of werklike voorwerp

O: Opvoer – Voer die woord op

E: vErduidelik – Verduidelik aan die leerders wat die woord beteken

S: Sin – Gebruik die woord in 'n sin



Klanke: Hersien die klanke wat tydens Graad 1 en 2 aangeleer is



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Asses-
seringsboek

Volledige stel
Klankkaarte

1. **Laat die leerders rustig voor u op die mat of vloer sit.**
 - a. Vra die leerders om na hulle name te luister.
 - b. Wanneer u 'n leerder se noem, moet hulle die klank op die klankkaart lees wat u ophou.
 - c. Doen hierdie aktiwiteit baie vinnig. Laat dit soos 'n prettige speletjie voel, maar neem kennis van die leerders wat sukkel.
 - d. As 'n leerder 'n fout maak, sê: "Luister aandagtig" en sê die klank.



Handskrif: Assesseer informeel lettervorming van lopende skrif



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Asses-
seringsboek

1. **Berei die leerders voor vir handskrif.**
 - a. Sê: Kom ons warm ons vingers op deur voor te gee om klavier te speel.
 - b. Kontroleer en pas die leerders se postuur en potloodgreep aan.
2. **Gee opdrag aan die leerders om die letters van die alfabet in hoofletters in lopende skrif neer te skryf.**
 - a. Gee aan die leerders opdrag om slegs die hoofletters wat hulle in lopende skrif ken neer te skryf.
 - b. Loop rond in die klaskamer terwyl die leerders skryf en neem kennis van elke leerder se lettervorming, skryfspoed, grootte van die letters ens.
 - c. Neem kennis van die leerders wat sukkel om letters te vorm, sowel as die rede waarom hulle sukkel.
 - d. Neem ook kennis van die leerders wat nie die alfabet ken nie.



Gedeelte lees: Doen die Aktiwiteite voor die Lees



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Storiebundel,
bladsy 3

1. **Laat die leerders gaan sit vir die Aktiwiteit voor die Lees.**
 - a. Nooi leerders om op die mat of vloer te sit.
 - b. Sit voor die leerders met die Storiebundel.
 - c. Maak seker dat al die leerders die boek kan sien.
 - d. Herinner leerders aan die gedrag wat u tydens Gedeelte Lees verwag, bv. sit kruisbene; hou jou hande stil op jou skoot; luister aandagtig; reageer as jy iets gevra word; steek jou hand op om 'n vraag te vra.
2. **Doen die Aktiwiteit voor die Lees as volg:**
 - a. Sê die titel van die storie: Shamiso se groot reis.
 - b. Verduidelik die vaardigheid van voorspel. Sê: Wanneer ons iets voorspel, gebruik ons die titel en prente om te probeer uitwerk waaroor die storie handel.
 - c. Wys die leerders die prente op elke bladsy.
 - d. Vra: Wat dink jy gebeur hier?
 - e. Vra: Hoe dink jy kan ons die prente met mekaar verbind?



Groepbegeleide lees: Oriënteer die hele klas



TYD:
30 minute



HULP-
BRONNE:
Kern-
leesboek

Leerders se
skryfboeke

Leerders se
potlode

- Gebruik hierdie tyd om die leerders gewoond te maak aan die roetines en riglyne vir Groepbegeleide Lees.
- Hoe meer effektief dit gedoen word, hoe makliker sal dit wees om Groepbegeleide Lees toe te pas.

Voorbereiding

1. Identifiseer en lei monitors aan die begin van GBL-tyd op om die volgende uit te deel:
 - Kernleesboeke
 - Leerders se skryfboeke
2. Oefen saam met die leerders om die Kernleesboeke en skryfboeke op die korrekte bladsye oop te maak.
3. Verduidelik dat die leerders vanaf Week 2 in pare sal werk gedurende Groepbegeleide Lees om die aktiwiteite in die Kernleesboeke te voltooi.

Lees in pare

1. Sê vir die leerders dat hulle vanaf WEEK 2, tydens Groepbegeleide Lees, met 'n maat sal werk om die aktiwiteite te voltooi.
2. Behandel die oefenaktiwiteite van die dag saam met die leerders.
3. Help hulle om elke aktiwiteit te identifiseer en maak seker dat hulle verstaan wat hulle moet doen.

Stel riglyne vir GBL vas

1. Lei die leerders op volgens 'n stel riglyne wat vir u en u situasie sal werk.
2. Hierdie riglyne behoort die volgende in te sluit:
 - a. Maak beurt om te lees en te luister as jy saam met jou maat werk.
 - b. Gebruik jou binnestem / vlak 1 stem / fluisterstem.
 - c. Wees geduldig en help jou maat.
 - d. Moenie jou hand opsteek of vir Juffrou pla terwyl sy besig is om na 'n groep se lees te luister nie.
 - e. As jy die badkamer moet gebruik, gebruik die badkamerkaart hiervoor.
 - f. Beweeg aan na die volgende aktiwiteit indien jy vashaak. Vra die onderwyser om jou te help sodra sy beskikbaar is.

Afsluiting van die les

1. Lei die leerders op om hulle Kernleesboeke en skryfboeke toe te maak.
2. Lei die boekmonitors op om die boeke vinnig en stil in te neem en dit op die rak terug te plaas.
3. Bedank die leerders vir hulle pogings. Wys 'n paar dinge uit wat hulle reg gedoen het.

Internaliseer die roetine en riglyne

1. Om GBL suksesvol te laat verloop moet die leerders weet wat van hulle verwag word en hoe om hulself te gedra.



Einde van die dag: Lees hardop



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Onder-
wyseres
se eie
hulpbronne

- Gebruik u eie hulpbronne: Grootboeke, Storiebundels en Storieboeke is almal geskik.
- Gebruik hierdie tyd om te demonstreer hoe om vlot en met gevoel te lees.
- Hierdie aktiviteit help leerders om 'n liefde vir stories en lees te ontwikkel.
- Dit bou ook hulle woordeskat, agtergrondkennis en werkgeheue. Dit is alles belangrike begripsvaardighede.



Luister en praat: Onderrig woordeskat en bespreek die tema se prent



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Woordeskat
se flitskaarte,
prente,
voorwerpe

Kern-
leesboek

1. **Gebruik WOES om woordeskat te onderrig.**
 - a. Onderrig die volgende woordeskatwoorde:
 - reis: Om van een plek na 'n ander te beweeg.
 - tas: 'n Groot sak wat jy gebruik waarin jy jou klere en dinge dra wanneer jy op reis gaan.
 - inpak: Om jou klere en goed in 'n tas of sak te sit wanneer jy op reis gaan.
 - uitpak: Om jou klere en goed uit die tas te haal wanneer jy êrens aankom of wanneer jy terug by die huis is.
 - kaartjie: 'n Stuk papier of digitale pas wat jou toelaat om per bus, trein of vliegtuig te reis.
 - b. Gebruik die strategieë van WOES wat gepas is vir elke woord.
2. **Bou die leerders se agtergrondkennis.**
 - a. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 4.
 - b. Vertel aan die leerders die volgende inligting oor die prent:
 - Mense reis om nuwe plekke te ontdek, verskillende lewenswyses te sien, prettige avonture te beleef, te ontspan en om as mens te groei.
 - Een rede waarom mense reis is om verskillende kulture te ervaar. Daar word meer as 7 000 tale in die wêreld gepraat. Elke taal is deel van 'n unieke kultuur.
 - Diere reis ook! Sommige diere, soos voëls en walvisse, reis elke jaar duisende kilometer ver om kos, maats of warmer weer te vind.
3. **Bespreek die prent.**
 - a. Gebruik die vrae wat volg om die prent as volg te bespreek:
 - Vra die eerste vraag.
 - Gee die leerders opdrag om die vraag met 'n maat te bespreek.
 - Nooi 'n paar individuele leerders om hulle antwoorde te deel.
 - Bou die leerders se agtergrondkennis deur misverstande te korrigeer en deur inligting rakende die tema te deel.
 - Herhaal hierdie proses met al die vrae.
4. **Vrae:**
 - a. Het jy al ooit na 'n nuwe plek gereis? Waarheen het jy gegaan?
 - b. Sou jy eerder na die berge of die see wou reis? Hoekom?
 - c. Dink jy om te reis is pret? Hoekom of hoekom nie?



Klanke: Diktee – Woorde



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Asses-
seringsboek

1. **Laat die leerders rustig met hulle skryfboeke, penne en liniale sit.**
 - a. Gee aan die leerders opdrag om die opskrif 'Diktee' neer te skryf, sowel as die getalle 1–10 in die kantlyn.
 - b. Roep die volgende tien woorde uit sodat die leerders dit langs die getalle 1–10 kan neerskryf: kraai, saans, skryf, meneer, byl, gesteeke, koning, boek, brood, flink
2. **Gee aan die leerders opdrag om 'n inkleurpotlood te gebruik om hulle eie werk te korrigeer.**
 - a. Skryf die tien woorde op die bord neer.
 - b. Klank die woorde, soos u dit neerskryf.
 - c. Gee die leerders opdrag om hulle foute met die inkleurpotlood te omkring.
 - d. Gee aan die leerders opdrag om hulle foute korrek oor te skryf.
3. **Neem kennis van die leerders se uitdagings**



Handskrif: Assesseer informeel die handskrifspoed, -fokus en -stamina



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Asses-
seringsboek

1. **Berei die leerders voor vir handskrif.**
 - a. Sê: Kom ons warm ons vingers op deur ons hande uit te skud.
 - b. Kontroleer en pas die leerders se postuur en potloodgreep aan.
2. **Skryf die volgende sinne op die bord: My naam is _____. Ek is ____ jaar oud**
 - a. Gee die leerders opdrag om die sinne in hulle skryfboek te kopieer en te voltooi.
 - b. Gee daarna aan die leerders opdrag om te kyk hoeveel keer hulle in vyf minute die sinne korrek kan neerskryf.
 - c. Gee aan die leerders opdrag om te begin skryf en nie op te hou voordat u dit beveel nie.
3. **Gaan die leerders se handskrifspoed, -fokus en -stamina na.**
 - a. Stap in die klaskamer rond en neem kennis van die leerders wat sukkel met fokus en stamina terwyl hulle skryf – die leerders wat tussendeur pouses moet neem.
 - b. Roep na 5 minute 'stop'.
 - c. Vra die leerders om te tel hoeveel keer hulle die twee sinne kon neerskryf.
 - d. Motiveer die leerders – vertel aan hulle dat almal hierdie jaar vinniger en meer akkurate skrywers gaan word.



Gedeelde lees: Doen die Eerste Lees



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Storiebundel,
bladsy 3

1. **Berei die leerders voor vir die Eerste Lees.**
 - a. Laat die leerders op die mat sit.
 - b. Herinner hulle aan die verwagte gedrag.
 - c. Herinner die leerders aan die storie se titel: Shamiso se groot reis.
 - d. Sê: In hierdie verhaal gaan 'n jong Zimbabwese meisie, Shamiso, saam met haar gesin op 'n reis na Zimbabwe. Op pad om familie te besoek, stop hulle by die ruïnes van Groot Zimbabwe, waar hulle meer leer oor hul erfenis en kultuur.
2. **Doen die Eerste Lees as volg:**
 - a. Lees elke bladsy van die storie hardop, vlot en hoorbaar.
 - b. Wys die prente aan die leerders.
 - c. Waar nodig, stop en verduidelik aan die leerders.
 - d. Wys die woordeskatwoorde aan die leerders, soos dit voorkom.
 - e. Aan die einde van die storie, vra die Lees 1 vrae as volg:
 - Rig Vraag 1 & 2 aan individuele leerders.
 - Rig Vraag 3 aan die hele klas. Vra die leerders om die vraag met 'n maat te bespreek.
 - Nooi 'n paar leerders om hulle antwoorde te deel.
 - f. Herinner leerders aan die begripstrategie.
 - Hierdie week leer ons hoe om: Afleidings te maak.
 - Vra die leerders: Watter goeie raaskoot kan ons oor hierdie storie maak wat die skrywer ons nie vertel het nie? Wat kan jy oor (karakter) se gedagtes/gevoelens raai?



Skryf: Stel die taalstrukture van Afrikaans bekend en oefen dit



TYD:
20 minute



HULP-
BRONNE:
Geen
hulpbronne
benodig nie

1. **Stel die TSA (Taalstrukture van Afrikaans) bekend.**
 - a. Hierdie week gaan ons fokus op: Gebruik werkwoorde (aksiewoorde) in die toekomstige tyd om te skryf oor iets wat nog nie gebeur het nie.
 - b. Skryf 'n sin op die bord: Ek sal gedurende die vakansie reis.
 - c. Verduidelik die Taalstrukture van Afrikaans binne konteks: Die woorde 'sal reis' is die werkwoorde in hierdie sin. Die woord 'sal' sê vir ons dat die aksie nog nie gebeur het nie. Dit sal in die toekoms gebeur.
2. **Oefen die Taalstrukture van Afrikaans saam met die leerders.**
 - a. Skryf op die bord: Ek gaan na die winkel toe.
 - b. Vra die leerders: Hoe verander ons hierdie sin na die toekomende tyd?
 - c. Hou 'n dinkskrum saam met die leerders: Verander die sin na die toekomende tyd. (Ek sal na die winkel toe gaan.)
3. **Gee die leerders tyd om die taalstrukture van Afrikaans onafhanklik te oefen.**
 - a. Skryf op die bord:
 - Ek leer vir my eksamen.
 - Ek speel met my maats.
 - Ek gaan met vakansie.
 - b. Verduidelik aan die leerders: Verander hierdie sinne na die toekomende tyd.
 - c. Gee die leerders 'n paar minute om die opdrag te voltooi.
4. **Toets die leerders se begrip.**
 - a. Kry weer die leerders se aandag.
 - b. Vra verskillende leerders om hulle antwoorde te deel.
 - c. Wys die volgende uit: Die woord 'sal' in elke sin wat die toekomende tyd aandui.



Groepbegeleide lees: Werk saam in groepe



TYD:
30 minute



HULP-
BRONNE:
Kern-
leesboek

Leerders se
skryfboeke

Leerders se
potlode

Gegradeerde
/ Vlak-
gebaseerde
Leesboeke
(word nie
deur NHLRP
voorsien nie)

- Gebruik hierdie tyd om die leerders gewoond te maak aan die roetines en riglyne vir Groepbegeleide Lees.
- Hoe meer effektief dit gedoen word, hoe makliker sal dit wees om Groepbegeleide Lees toe te pas.

Voorbereiding

1. Volg die gewone roetine om leerders in pare, met hulle Kernleesboeke en skryfboeke, gereed en rustig te maak.
2. Sê vir die klas dat u vir hulle gaan wys wat om te doen wanneer u 'n groep roep om te lees.

Leesgroepe

1. Maak seker dat u leerders met dieselfde leesvermoë saam gegropeer het vir GBL.
2. Sê aan die leerders wat die naam van hulle leesgroep is. Let wel: Leerders hoef nie in hierdie groepe te sit nie.
3. Maak seker dat die leerders die naam van hulle leesgroep ken – speel speletjies om dit vas te lê. Byvoorbeeld, vra al die leerders in die Sebra-groep om op te staan; vra al die leerders in die Leeu-groep om hulle hande op hul koppe te sit, ens.

Roep 'n Groep om te Lees

1. Herinner die leerders waar die spasie vir GBL is.
2. Herinner die leerders om hulle Kernleesboeke saam te bring wanneer hulle kom lees.
3. Herinner die leerders aan die riglyne. Wanneer u hulle roep moet hulle vinnig en stil na die korrekte spasie beweeg, sonder om die ander leerders te ontwig.
4. Roep 'n groep om in die leesspasie te kom sit.
5. Maak seker dat hulle hul Kernleesboeke het.
6. Verduidelik dat sodra hulle die akitiwiteite in die Kernleesboek vir die dag voltooi het, u sal luister hoe leerders uit ander leesboeke lees. (Beskikbare Gegradeerde/Vlakgebaseerde Leesboeke).
7. Oefen die uitdeel van 'n geskikte stel leesboeke en vra die leerders om hulle boeke op 'n spesifieke bladsy oop te maak.
8. Oefen hierna om die leesboeke in te neem, of om dit aan leerders uit te deel sodat hulle dit huis toe kan neem. (Dit hang af van die onderwyser/skool se beleid.)
9. Laat die res van die klas aan hulle terugvoer gee oor hulle optrede.
10. Herhaal met die volgende groep.

11. Doen dit met soveel groepe as wat u kan binne die beskikbare tyd.

Afsluiting van die les

1. Lei die leerders op om hulle Kernleesboeke en skryfboeke toe te maak.
2. Lei die boekmonitors op om die boeke vinnig en stil in te neem en dit op die rak terug te plaas.

3. Bedank die leerders vir hulle pogings. Wys 'n paar dinge uit wat hulle reg gedoen het.

Internaliseer die roetine en riglyne

1. Om GBL suksesvol te laat verloop moet die leerders weet wat van hulle verwag word en hoe om hulself te gedra.



Einde van die dag: Lees hardop



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Onder-
wyseres
se eie
hulpbronne

- Gebruik u eie hulpbronne: Grootboeke, Storiebundels en Storieboeke is almal geskik.
- Gebruik hierdie tyd om te demonstreer hoe om vlot en met gevoel te lees.
- Hierdie aktiwiteit help leerders om 'n liefde vir stories en lees te ontwikkel.
- Dit bou ook hulle woordeskat, agtergrondkennis en werkgeheue. Dit is alles belangrike begripsvaardighede.



Klanke: Diktee – Sinne



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Asses-
seringsboek

1. **Laat die leerders rustig met hulle skryfboeke, penne en liniale sit.**
 - a. Gee aan die leerders opdrag om die opskrif 'Diktee' te skryf.
 - b. Roep die volgende sinne uit sodat die leerders dit kan neerskryf:
 - Pa is besig om iets vir my te maak.
 - Ek wonder wat Pa daar doen?
2. **Gee aan die leerders opdrag om 'n inkleurpotlood te gebruik om hulle eie werk te korrigeer.**
 - a. Skryf die twee sinne op die bord neer.
 - b. Klank die woorde, soos u dit neerskryf.
 - c. Wys die hoofletters en leestekens wat u gebruik het uit.
 - d. Gee die leerders opdrag om hulle foute met die inkleurpotlood te omkring.
 - e. Gee aan die leerders opdrag om hulle foute korrek oor te skryf.
3. **Neem kennis van die leerders se uitdagings.**



Handskrif: Assesseer handskrifkwaliteit informeel



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Asses-
seringsboek

1. **Berei die leerders voor vir handskrif.**
 - a. Sê: Kom ons warm ons vingers op deur ons hande uit te skud.
 - b. Kontroleer en pas die leerders se postuur en potloodgreep aan.
2. **Skryf die volgende sinne op die bord:**
 Dinge waarvan ek hou
 Ek hou daarvan om ____ te speel.
 Ek hou daarvan om ____ te eet.
 - a. Gee die leerders opdrag om die sinne in hulle skryfboek te kopieer en te voltooi.
 - b. Gee aan die leerders opdrag om hulle netjiesste en beste lopende skrif of drukskrif te gebruik.
3. **Gaan die leerders se handskrifkwaliteit na.**
 - a. Loop rond in die klaskamer terwyl die leerders skryf en neem kennis van die leerders wat sukkel om netjies te skryf.
 - b. Bied hulp aan in terme van postuur, potloodgreep en skryfdruk.
 - c. Motiveer die leerders – vertel aan hulle dat hulle almal hierdie jaar netjieser skrywers gaan word.



Gedeelde lees: Doen die Tweede Lees



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Storiebundel,
bladsy 3

1. **Berei die leerders voor vir die Tweede Lees.**
 - a. Laat die leerders op die mat sit.
 - b. Herinner hulle aan die verwagte gedrag.
 - c. Herinner die leerders aan die storie se titel: Shamiso se groot reis.
 - d. Herinner leerders aan die begripstrategie.
 - Herinner leerders aan die begripstrategie.
 - Hierdie week leer ons hoe om: Afleidings te maak.
 - Onthou, ons het dit gister bespreek toe ek julle gevra het: Watter goeie raaiskoot kan ons oor hierdie storie maak wat die skrywer ons nie vertel het nie? Wat kan jy oor (karakter) se gedagtes/gevoelens raai?.
2. **Doen die Tweede Lees soos volg:**
 - a. Lees elke bladsy van die storie hardop, vlot en hoorbaar.
 - b. Wys die prent aan die leerders.
 - c. Gebruik die voorbeelde op die inleidingsbladsy om die begripstrategie te demonstreer.
 - d. Aan die einde van die storie, vra die Lees 2 vrae as volg:
 - Rig Vraag 1 & 2 aan individuele leerders.
 - Rig Vraag 3 aan die hele klas. Vra die leerders om die vraag met 'n maat te bespreek.
 - Nooi 'n paar leerders om hulle antwoorde te deel.



Skryf: Die onderwyser demonstreer hoe om te beplan



TYD:
20 minute



HULP-
BRONNE:
Skryf-
raamwerk

1. **Stel die skryfonderwerp bekend.**
 - a. In hierdie siklus sal ons oor die volgende skryf: 'n Plek waarheen jy eendag gaan reis.
2. **Verduidelik mondelings jou eie antwoord vir die skryfopdrag voordat jy skryf. Gebruik die skryfraamwerk.**
 - a. Sê: Eendag wil ek reis na ...
3. **Demonstreer die beplanning vir die skryfopdrag op die bord.**
 - a. Teken vinnig 'n prent van die plek waarheen jy sal reis.
 - b. Gebruik 'n breinkaart om jou storie te beplan:
 - Waarheen sal ek gaan?
 - Saam met wie sal ek gaan?
 - Hoe sal ek reis?
 - Wat sal ek doen?
 - Wat sal ek sien?
 - Hoe sal ek voel?
4. **Kry die leerders aan die dink.**
 - a. Sê: Môre gaan jy jou eie skryfstuk beplan. Bring môre jou idees saam met jou.

Skryfraamwerk:

Eendag wil ek reis na...

Ek sal daarheen gaan met...

Ons reis deur...

Wanneer ek daar kom, sal ek...

Ek sal ... sien.

Ek sal ... voel.



Groepbegeleide lees: Werk saam in groepe



TYD:
30 minute



HULP-
BRONNE:
Kern-
leesboek

Leerders se
skryfboeke

Leerders se
potlode

Gegradeerde
/ Vlak-
gebaseerde
Leesboeke
(word nie
deur NHLRP
voorsien nie)

- Gebruik hierdie tyd om die leerders gewoond te maak aan die roetines en riglyne vir Groepbegeleide Lees.
- Hoe meer effektief dit gedoen word, hoe makliker sal dit wees om Groepbegeleide Lees toe te pas.

Vorbereiding

1. Volg die gewone roetine om leerders in pare, met hulle Kernleesboeke en skryfboeke, gereed en rustig te maak.
2. Sê vir die klas dat u vir hulle gaan wys wat om te doen wanneer u 'n groep roep om te lees.

Leesgroepe

1. Maak seker dat u leerders met dieselfde leesvermoë saam gegropeer het vir GBL.
2. Sê aan die leerders wat die naam van hulle leesgroep is. Let wel: Leerders hoef nie in hierdie groepe te sit nie.
3. Maak seker dat die leerders die naam van hulle leesgroep ken – speel speletjies om dit vas te lê. Byvoorbeeld, vra al die leerders in die Sebra-groep om op te staan; vra al die leerders in die Leeu-groep om hulle hande op hul koppe te sit, ens.

Roep 'n Groep om te Lees

1. Herinner die leerders waar die spasie vir GBL is.
2. Herinner die leerders om hulle Kernleesboeke saam te bring wanneer hulle kom lees.
3. Herinner die leerders aan die riglyne. Wanneer u hulle roep moet hulle vinnig en stil na die korrekte spasie beweeg, sonder om die ander leerders te ontwrig.
4. Roep 'n groep om in die leesspasie te kom sit.
5. Maak seker dat hulle hul Kernleesboeke het.
6. Verduidelik dat sodra u die aktiwiteite in die Kernleesboek vir die dag voltooi het, u sal luister hoe leerders uit ander leesboeke lees. (Beskikbare Gegradeerde/Vlakgebaseerde Leesboeke).
7. Oefen die uitdeel van 'n geskikte stel leesboeke en vra die leerders om hulle boeke op 'n spesifieke bladsy oop te maak.
8. Oefen hierna om die leesboeke in te neem, of om dit aan leerders uit te deel sodat hulle dit huis toe kan neem. (Dit hang af van die onderwyser/skool se beleid.)
9. Laat die res van die klas aan hulle terugvoer gee oor hulle optrede.
10. Herhaal met die volgende groep.

11. Doen dit met soveel groepe as wat u kan binne die beskikbare tyd.

Afsluiting van die les

1. Lei die leerders op om hulle Kernleesboeke en skryfboeke toe te maak.
2. Lei die boekmonitors op om die boeke vinnig en stil in te neem en dit op die rak terug te plaas.
3. Bedank die leerders vir hulle pogings. Wys 'n paar dinge uit wat hulle reg gedoen het.

Internaliseer die roetine en riglyne

1. Om GBL suksesvol te laat verloop moet die leerders weet wat van hulle verwag word en hoe om hulself te gedra.



Einde van die dag: Lees hardop



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Onder-
wyseres
se eie
hulpbronne

- Gebruik u eie hulpbronne: Grootboeke, Storiebundels en Storieboeke is almal geskik.
- Gebruik hierdie tyd om te demonstreer hoe om vlot en met gevoel te lees.
- Hierdie aktiwiteit help leerders om 'n liefde vir stories en lees te ontwikkel.
- Dit bou ook hulle woordeskate, agtergrondkennis en werkgeheue. Dit is alles belangrike begripsvaardighede.



Luister en praat: Bespreek die storie van Gedeelde Lees



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Besprekings-
raamwerk:

Die
hoofgedagte
van die storie
is ...

Ek het van
die karakter ...
gehou, want
...

Ek het geleer
dat ...

Ek het gedink
dit was
verkeerd /
reg toe ...,
want ...

1. **Berei die leerders voor vir 'n groepbespreking.**
 - a. Verdeel die leerders in groepe van 4.
 - b. Gee aan elke groep 'n 'praatstok of -klip'.
 - c. Sê: Jy mag slegs praat wanneer jy die 'praatstok/-klip' vashou.
2. **Behandel die besprekingsvrae.**
 - a. Herinner leerders aan die week se storie vir gedeelde lees.
 - b. Skryf die besprekingsraamwerk op die bord.
 - c. Lees en verduidelik elke vraag (aanvangsin).
 - d. Sê aan die leerders dat elke lid van die groep 'n beurt moet kry om elke vraag te beantwoord.
 - e. Moedig leerders aan om aan verskillende antwoorde te dink.
3. **Gee die leerders opdrag om hulle besprekings te begin.**
 - a. Gee die leerders wat die 'praatstok/-klip' het opdrag om te begin.
 - b. Stap rond en bied hulp aan soos benodig.
 - c. Tydens die laaste paar minute, nooi 'n groep om hulle antwoorde te deel.
4. **Leerdervoorbereiding**
 - a. Identifiseer 3–4 leerders om Maandag 'n Mondelinge Aanbieding te doen.
 - b. Sê vir hierdie leerders wat om vir Maandag voor te berei. (Sien die LP se lesplan vir Maandag.)



Klanke: Assesseer enkodering informeel



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Asses-
seringsboek

1. **Laat die leerders rustig met hulle skryfboeke, penne en liniale sit.**
 - a. Gee aan die leerders opdrag om die opskrif te skryf, 'Alles oor myself'.
 - b. Skryf die volgende aanvangsinne op die bord:
Alles oor myself
My naam is...
Ek bly saam met...
My vriende is...
Ek hou daarvan om...
Ek hou nie daarvan om...
My beste televisieprogram is...
Ek hou hiervan omdat...
2. **Gee die leerders opdrag om die sinne te kopieer en voltooi.**
 - a. Gee aan die leerders opdrag om op hul eie te werk.
 - b. Gee aan hulle opdrag om woorde neer te skryf soos hulle klank – dit maak nie saak as hulle foute maak nie.
3. **Neem kennis van die leerders se fonetiese kennis en selfvertroue.**
 - a. Watter leerders kan die sinne met selfvertroue voltooi?
 - b. Watter leerders gebruik hulle fonetiese kennis om baie woorde korrek te enkodeer?
 - c. Watter leerders sukkel om woorde te enkodeer?



Gedeelde lees: Doen die Aktiwiteite na die Lees



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Storiebundel,
bladsy 3

1. **Berei die leerders voor vir die Aktiwiteit na die Lees.**
 - a. Herinner die leerders aan die storie se titel: Shamiso se groot reis.
 - b. Verduidelik die opdrag. Sê: Vandag gaan ons ons gunstelingdeel van die storie teken en daaroor skryf.
2. **Demonstreer die opdrag as volg:**
 - a. Maak u oë toe en maak asof u dink.
 - b. Maak u oë oop en sê: My gunstelingdeel van die storie was toe...
 - c. Probeer om nie die ooglopendste deel van die storie as u voorbeeld te kies nie.
 - d. Teken vinnig 'n prentjie op die bord. Verduidelik wat u teken terwyl u besig is om te teken.
 - e. Voeg 1–2 sinne by u tekening. Ek het daarvan gehou...
3. **Gee die leerders opdrag om die opdrag te voltooi.**
 - a. Laat die leerders hulle oë toemaak en aan hulle gunstelingdeel van die storie dink.
 - b. Sê: Dink aan jou eie idee en moenie my voorbeeld gebruik nie.
 - c. Laat die leerders hierna hulle oë oopmaak en hulle antwoorde met hulle maats bespreek.
 - d. Gee die leerders dan opdrag om hierdie deel van die storie in hulle skryfboeke te teken.
 - e. Help die leerders om 1–2 sinne by hulle tekening te skryf.
4. **Laat die leerders toe om hulle werk te deel.**
 - a. Gee leerders 'n paar minute om hulle werk aan 'n maat te wys.
 - b. Nooi 'n leerder om hulle werk met die klas te deel.



Skryf: Leerders beplan



TYD:
20 minute



HULP-
BRONNE:
Skryf-
raamwerk

1. **Herinner leerders aan die skryfonderwerp.**
 - a. In hierdie siklus sal ons oor die volgende skryf: n Plek waarheen jy eendag gaan reis.
2. **Gee die leerders opdrag om na te dink oor hulle antwoorde vir die skryfonderwerp.**
 - a. Sê: Dink nou na oor hoe jy die skryfonderwerp gaan antwoord.
 - b. Gee die leerders opdrag om hulle idees met 'n maat deel.
 - c. Roep 'n paar leerders om hulle antwoorde met die klas te deel.
3. **Gee die leerders opdrag om hulle skryfwerk in hulle skryfboeke te beplan.**
 - a. Sê: Gebruik nou 'n breinkaart om jou idees neer te skryf en die skryfopdrag te beplan.
4. **Stap in die klaskamer rond en help individuele leerders om te beplan.**
 - a. Sê: Vertel my van jou idees.
 - b. Help leerders wat sukkel om hulle breinkaarte te voltooi.

Skryfraamwerk:

Eendag wil ek reis na...

Ek sal daarheen gaan met...

Ons reis deur...

Wanneer ek daar kom, sal ek...

Ek sal ... sien.

Ek sal ... voel.



Groepbegeleide lees: Werk saam in groepe



TYD:
30 minute



HULP-
BRONNE:
Kern-
leesboek

Leerders se
skryfboeke

Leerders se
potlode

Gegradeerde
/ Vlak-
gebaseerde
Leesboeke
(word nie
deur NHLRP
voorsien nie)

- Gebruik hierdie tyd om die leerders gewoond te maak aan die roetines en riglyne vir Groepbegeleide Lees.
- Hoe meer effektief dit gedoen word, hoe makliker sal dit wees om Groepbegeleide Lees toe te pas.

Voorbereiding

1. Volg die gewone roetine om leerders in pare, met hulle Kernleesboeke en skryfboeke, gereed en rustig te maak.
2. Sê vir die klas dat u vir hulle gaan wys wat om te doen wanneer u 'n groep roep om te lees.

Leesgroepe

1. Maak seker dat u leerders met dieselfde leesvermoë saam gegropeer het vir GBL.
2. Sê aan die leerders wat die naam van hulle leesgroep is. Let wel: Leerders hoef nie in hierdie groepe te sit nie.
3. Maak seker dat die leerders die naam van hulle leesgroep ken – speel speletjies om dit vas te lê. Byvoorbeeld, vra al die leerders in die Sebra-groep om op te staan; vra al die leerders in die Leeu-groep om hulle hande op hul kop te sit, ens.

Roep 'n Groep om te Lees

1. Herinner die leerders waar die spasie vir GBL is.
2. Herinner die leerders om hulle Kernleesboeke saam te bring wanneer hulle kom lees.
3. Herinner die leerders aan die riglyne. Wanneer u hulle roep moet hulle vinnig en stil na die korrekte spasie beweeg, sonder om die ander leerders te ontwrig.
4. Roep 'n groep om in die leesspasie te kom sit.
5. Maak seker dat hulle hul Kernleesboeke het.
6. Verduidelik dat sodra u die aktiwiteite in die Kernleesboek vir die dag voltooi het, u sal luister hoe leerders uit ander leesboeke lees. (Beskikbare Gegradeerde/Vlakgebaseerde Leesboeke).
7. Oefen die uitdeel van 'n geskikte stel leesboeke en vra die leerders om hulle boeke op 'n spesifieke bladsy oop te maak.
8. Oefen hierna om die leesboeke in te neem, of om dit aan leerders uit te deel sodat hulle dit huis toe kan neem. (Dit hang af van die onderwyser/skool se beleid.)
9. Laat die res van die klas aan hulle terugvoer gee oor hulle optrede.
10. Herhaal met die volgende groep.

11. Doen dit met soveel groepe as wat u kan binne die beskikbare tyd.

Afsluiting van die les

1. Lei die leerders op om hulle Kernleesboeke en skryfboeke toe te maak.
2. Lei die boekmonitors op om die boeke vinnig en stil in te neem en dit op die rak terug te plaas.
3. Bedank die leerders vir hulle pogings. Wys 'n paar dinge uit wat hulle reg gedoen het.

Internaliseer die roetine en riglyne

1. Om GBL suksesvol te laat verloop moet die leerders weet wat van hulle verwag word en hoe om hulself te gedra.



Einde van die dag: Lees hardop



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Onder-
wyseres
se eie
hulpbronne

- Gebruik u eie hulpbronne: Grootboeke, Storiebundels en Storieboeke is almal geskik.
- Gebruik hierdie tyd om te demonstreer hoe om vlot en met gevoel te lees.
- Hierdie aktiviteit help leerders om 'n liefde vir stories en lees te ontwikkel.
- Dit bou ook hulle woordeskate, agtergrondkennis en werkgeheue. Dit is alles belangrike begripsvaardighede.



Luister en praat: Mondelinge aanbieding



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Geen
hulpbronne
benodig nie

1. **Laat die leerders rustig raak sodat hulle na hulle klasmaats se mondelinge aanbiedings kan luister.**
2. **Herinner die leerders aan die volgende opdrag: Wys en vertel**
 - a. Hou die item of prent wat jy klas toe gebring het op en wys dit vir ons.
 - b. Vertel ons meer van die item of prent. Sê:
 - Vandag sal ek julle vertel van...
 - Dit is ... (hoe groot, wat is die kleur, gewig, tekstuur, ens.)
 - Dit word gebruik om/vir...
 - Ek hou daarvan omdat...
 - c. Vra daarna vir die klas: Het julle enige vrae?
 - d. As iemand 'n vraag het, probeer u bes om dit te beantwoord.
3. **Herinner die leerders aan die volgende aanbiedingsvaardighede:**
 - a. Onthou die volgende wanneer jy aanbied:
 - Hou jou item of prent sodat almal dit mooi kan sien.
 - Sê jou sinne in die regte volgorde.
 - Sê net een keer iets – moenie jouself herhaal nie.
 - Praat hard en duidelik.
4. **Roep die gekose leerders om een op 'n keer hulle aanbiedings te kom doen.**
 - a. Bou elke leerder se selfvertroue deur hulle te bedank vir hulle aanbieding en positiewe terugvoer te gee.
 - b. Gee aan die einde van die les algemene terugvoer aan die klas om hulle aanbiedings te verbeter. Byvoorbeeld: Ek het gesukkel om sommige van julle te hoor. Probeer asseblief om jou stem mooi hoorbaar te hou – ons wil graag hoor wat jy te sê het.



Klanke: Nuwe klanke



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:

Klankkaarte:
eë, oë

Kern-
leesboek

1. **Nuwe klank 1: eë**
 - a. Sê die klank 3 keer.
 - b. Wys die Klankkaart aan die leerders en lees die klank 3 keer.
 - c. Vra die leerders om eers na die klank te luister en dit dan te herhaal.
 - d. Vra leerders om woorde te noem wat met die klank begin of dit gebruik.
2. **Nuwe klank 2: oë**
 - a. Sê die klank 3 keer.
 - b. Wys die Klankkaart aan die leerders en lees die klank 3 keer.
 - c. Vra die leerders om eers na die klank te luister en dit dan te herhaal.
 - d. Vra leerders om woorde te noem wat met die klank begin of dit gebruik.
3. **Oriënteer die leerders ten opsigte van Maandag se aktiwiteite in die Kernleesboek.**
 - a. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 9.
 - b. Nooi individuele leerders om u te help om elke aktiwiteit te demonstreer.
 - c. Demonstreer op die bord hoe enige geskrewe aktiwiteite voltooi moet word.

Let wel: Sê aan die leerders dat hulle hierdie aktiwiteite saam met 'n maat tydens Groepbegeleide Lees sal doen.



Handskrif: Onderrig die letterformasie van kleinletters in lopende skrif



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Handskrif-
muurkaart

1. **Berei die leerders voor vir handskrif.**
 - a. Sê: Kom ons warm ons vingers op deur voor te gee om klavier te speel.
 - b. Kontroleer en pas die leerders se postuur en potloodgreep aan.
2. **Wys aan die leerders hoe om die volgende te vorm:** *k*
 - a. Staar met u rug na die leerders.
 - b. Gee die linkshandige leerders opdrag om hulle koppe op die tafel te rus.
 - c. Gebruik u regterhand om die letter te vorm: *k*
 - d. Gee die regshandige leerders opdrag om die letter saam met u te vorm.
 - e. Herhaal dit nou met die linkshandige leerders.
3. **Gee die leerders opdrag om die vorming te oefen van:** *k*
 - a. Sê: Maak die letter op jou maat se rug, op die tafel, in die sand.
4. **Gee die leerders opdrag om te oefen om die volgende te skryf:** *k*
 - a. Sê: Skryf die letter 3 keer in jou skryfboek.
 - b. Stap rond en kontroleer elke leerder se letterformasie.



Gedeelde lees: Stel die storie bekend



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Storiebundel,
Inleiding
bladsy 15

1. **Stel die storie bekend.**
 - a. Sê: Hierdie week gaan ons die storie lees met die titel, Willem se reis.
 - b. Sê: Willem en sy pa lees 'n biblioteekboek met die naam 'Die Nuwe Sewe Wonders van die Wêreld'. Deur na die prente te kyk en van hierdie sewe, fassinerende plekke te lees, voel Willem en sy pa asof hulle regdeur die wêreld getoer het.
 - c. Wys die leerders vlugtig die prente uit die storie.
2. **Bou die leerders se agtergrondkennis.**
 - a. Deel en verduidelik die agtergrondinligting wat vir die storie verskaf is.
 - b. Wys aan die leerders waar die storie plaasvind deur van die Storiebundel se kaart gebruik te maak.
 - c. Vra: Het julle enige vrae oor die storie?
3. **Verduidelik die begripstrategie.**
 - a. Hierdie week gaan ons leer hoe om: Besonderhede te soek en te onthou.
 - b. Verduidelik die strategie aan die leerders.



Groepbegeleide lees: Werk met Groepe 1&2



TYD:
30 minute



HULP-
BRONNE:
Kernleesboek

Gegradeerde
/ Vlak-
gebaseerde
Leesboeke
(word nie
deur NHLRP
voorsien nie)

1. **Berei die leerders voor vir Groepbegeleide Lees.**
 - a. Maak seker dat die leerders weet in watter leesgroep hulle is.
 - b. Laat die leerders in pare gaan sit met hulle Kernleesboeke, skryfboeke en potlode.
 - c. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 5.
2. **Behandel die dag se aktiwiteite in die Kernleesboek met die leerders.**
Herinner die leerders wat om te doen om elke aktiwiteit te voltooi.
3. **Roep Groep 1 na die area vir Groepbegeleide Lees.**
 - a. Laat die groep met hulle Kernleesboeke gaan sit.
 - b. Nooi individuele leerders om die klanke te lees.
 - c. Nooi individuele leerders om die dekoderingsaktiwiteite te voltooi.
 - d. Nooi elke leerder om die woorde of 'n uittreksel van die vorige week te lees.
 - e. Maak 'n nota van die leerders wat hulp nodig het.
 - f. Maak 'n nota van die klanke wat gekonsolideer moet word.
4. **Gebruik Gegradeerde/Vlakgebaseerde Leesboeke**
 - a. Deel die beskikbare leesboeke aan die groep uit. (Gegradeerde/Vlakgebaseerde Leesboeke)
 - b. Luister na elke leerder wat hardop uit 'n leesboek lees.
 - c. As dit met die skoolbeleid ooreenstem, laat die leerders Gegradeerde/Vlakgebaseerde Leesboeke huis toe neem.
5. **Stuur Groep 1 terug na hulle tafels en roep Groep 2.**



Einde van die dag: Lees hardop



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Onder-
wyseres
se eie
hulpbronne

- Gebruik u eie hulpbronne: Grootboeke, Storiebundels en Storieboeke is almal geskik.
- Gebruik hierdie tyd om te demonstreer hoe om vlot en met gevoel te lees.
- Hierdie aktiwiteit help leerders om 'n liefde vir stories en lees te ontwikkel.
- Dit bou ook hulle woordeskat, agtergrondkennis en werkgeheue. Dit is alles belangrike begripsvaardighede.



Luister en praat: Onderrig woordeskat



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Woordeskat
se flitskaarte,
prente,
voorwerpe

Kern-
leesboek

1. **Herinner die leerders aan die tema.**
 - a. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 2.
 - b. Lees of noem die taalverryking weer 'n keer.
 - c. Wys aan die leerders die lys van woordeskatwoorde vir die tema.
 - d. Verduidelik dat hierdie woorde sal help om die tema te verstaan en om daaroor te gesels.
 - e. Lees die lys woorde aan hulle.
2. **Gebruik WOES om woordeskat te onderrig.**
 - a. Onderrig die volgende woordeskatwoorde:
 - onderskrif: 'n Kort sinnetjie onder 'n prent wat vir ons vertel waarom die prent handel.
 - besoek: Om by iemand of 'n plek vir 'n kort tydjie te kuier.
 - beskrywing: Woorde wat vir ons sê hoe iets lyk, hoe dit klink of hoe dit voel.
 - vyande: Mense of groepe wat vyandig teenoor mekaar is en selfs teen mekaar kan probeer veg.
 - keiser: 'n Tipe leier, soos 'n koning.
3. **Gebruik die strategieë van WOES wat gepas is vir elke woord:**

W: Wys – Wys na 'n prent of werklike voorwerp
O: Opvoer – Voer die woord op
E: vErduidelik – Verduidelik aan die leerders wat die woord beteken
S: Sin – Gebruik die woord in 'n sin



Klanke: Nuwe klanke



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:

Klankkaarte:
û, ô, ê

Kern-
leesboek

1. **Nuwe klank 1: û**
 - a. Sê die klank 3 keer.
 - b. Wys die Klankkaart aan die leerders en lees die klank 3 keer.
 - c. Vra die leerders om eers na die klank te luister en dit dan te herhaal.
 - d. Vra leerders om woorde te noem wat met die klank begin of dit gebruik.
2. **Nuwe klank 2&3: ô, ê**
 - a. Sê die klank 3 keer.
 - b. Wys die Klankkaart aan die leerders en lees die klank 3 keer.
 - c. Vra die leerders om eers na die klank te luister en dit dan te herhaal.
 - d. Vra leerders om woorde te noem wat met die klank begin of dit gebruik.
3. **Oriënteer die leerders ten opsigte van Dinsdag se aktiwiteite in die Kernleesboek.**
 - a. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 11.
 - b. Nooi individuele leerders om u te help om elke aktiwiteit te demonstreer.
 - c. Demonstreer op die bord hoe enige geskrewe aktiwiteite voltooi moet word.

Let wel: Sê aan die leerders dat hulle hierdie aktiwiteite saam met 'n maat tydens Groepbegeleide Lees sal doen.



Handskrif: Onderrig die letterformasie van hoofletters in lopende skrif



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Handskrif-
muurkaart

1. **Berei die leerders voor vir handskrif.**
 - a. Sê: Kom ons warm ons vingers op deur ons hande uit te skud.
 - b. Kontroleer en pas die leerders se postuur en potloodgreep aan.
2. **Wys aan die leerders hoe om die volgende te vorm:** *K*
 - a. Staan met u rug na die leerders.
 - b. Gee die linkshandige leerders opdrag om hulle koppe op die tafel te rus.
 - c. Gebruik u regterhand om die letter te vorm, *K*
 - d. Gee die regshandige leerders opdrag om die letter saam met u te vorm.
 - e. Herhaal dit nou met die linkshandige leerders.
3. **Gee die leerders opdrag om die vorming te oefen van:** *K*
 - Sê: Maak die letter op jou maat se rug, op die tafel, in die sand.
4. **Gee die leerders opdrag om te oefen om die volgende te skryf:** *K*
 - a. Sê: Skryf die letter 3 keer in jou skryfboek.
 - b. Stap rond en kontroleer elke leerder se letterformasie.



Gedeelde lees: Doen die Aktiwiteite voor die Lees



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Storiebundel,
bladsy 17

1. **Laat die leerders gaan sit vir die Aktiwiteit voor die Lees.**
 - a. Nooi leerders om op die mat of vloer te sit.
 - b. Sit voor die leerders met die Storiebundel.
 - c. Maak seker dat al die leerders die boek kan sien.
 - d. Herinner leerders aan die gedrag wat u tydens Gedeelde Lees verwag, bv. sit kruisbene; hou jou hande stil op jou skoot; luister aandagtig; reageer as jy iets gevra word; steek jou hand op om 'n vraag te vra.
2. **Doen die Aktiwiteit voor die Lees as volg:**
 - a. Sê die titel van die storie: Willem se reis
 - b. Verduidelik die vaardigheid van voorspel. Sê: Wanneer ons iets voorspel, gebruik ons die titel en prente om te probeer uitwerk waarom die storie handel.
 - c. Wys die leerders die prente op elke bladsy.
 - d. Vra: Wat dink jy gebeur hier?
 - e. Vra: Hoe dink jy kan ons die prente met mekaar verbind?



Groepbegeleide lees: Werk met Groepe 3&4



TYD:
30 minute



HULP-
BRONNE:
Kernleesboek

Gegradeerde
/ Vlak-
gebaseerde
Leesboeke
(word nie
deur NHLRP
voorsien nie)

1. **Berei die leerders voor vir Groepbegeleide Lees.**
 - a. Maak seker dat die leerders weet in watter leesgroep hulle is.
 - b. Laat die leerders in pare gaan sit met hulle Kernleesboeke, skryfboeke en potlode.
 - c. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 5.
2. **Behandel die dag se aktiwiteite in die Kernleesboek met die leerders.**
Herinner die leerders wat om te doen om elke aktiwiteit te voltooi.
3. **Roep Groep 3 na die area vir Groepbegeleide Lees.**
 - a. Laat die groep met hulle Kernleesboeke gaan sit.
 - b. Nooi individuele leerders om die klanke te lees.
15 minute



HULP-
BRONNE:
Woordeskat
flitskaarte,
prente,
voorwerpe
Kernleesboek

1. **Gebruik WOES om woordeskat te onderrig.**
 - a. Onderrig die volgende woordeskatwoorde:
 - *deernis: Om raak te sien wanneer iemand seergemaak, hartseer, alleen of in die nood is, en om te kies om hulle te help.*
 - *insluit: Om iemand te laat deelneem, sodat hulle nie uitgesluit voel nie.*
 - *uitsluit: Om iemand uit te los en nie te laat deelneem nie.*
 - *opoffer: Om iets op te gee omdat jy graag iemand anders wil help of ondersteun.*
 - *troos: Om iemand te help om beter te voel wanneer hulle hartseer, bang of ontsteld is.*
 - b. Gebruik die strategieë van WOES wat gepas is vir elke woord.
2. **Bou die leerders se agtergrondkennis.**
 - a. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 112.
 - b. Vertel aan die leerders die volgende inligting oor die prent.
 - *Medelye beteken om raak te sien wanneer iemand seergemaak, hartseer, eensaam of in nood is. Dit beteken om om te gee oor hoe hulle voel en te kies om te help.*
 - *Ons kan op baie verskillende maniere medelye toon, soos: Ander in te sluit, goed te deel en soms goed op te offer, iemand te help wat seergemaak voel, iemand te troos wat hartseer is, of deur om te gee vir ons gemeenskap.*
 - *Medelye is altyd 'n keuse. Niemand kan ons dwing om vriendelik/ goed te wees nie. Soms kan dit ons tyd kos of ongerieflik wees, en ons vriende gaan dalk nie altyd saamstem nie. Maar selfs klein dade van vriendelikheid/goedheid maak 'n groot verskil en help almal om gelukkiger en veiliger te voel.*
3. **Bespreek die prent.**
 - a. Gebruik die vrae wat volg om die prent as volg te bespreek:
 - Vra die eerste vraag.
 - Gee die leerders opdrag om die vraag met 'n maat te bespreek.
 - Nooi 'n paar individuele leerders om hulle antwoorde te deel.
 - Bou die leerders se agtergrondkennis deur misverstande te korrigeer en deur inligting rakende die tema te deel.
 - Herhaal hierdie proses met al die vrae.
4. **Vrae:**
 - a. *Hoe sien jy medelye in hierdie prentjie gebeur?*
 - b. *Kan jy jouself met die prentjie verbind? Het jy al ooit medelye op dieselfde manier, as wat jy in die prentjie sien, betoon?*
 - c. *Dink jy dat klein dade van vriendelikheid en medelye betoon 'n verskil kan maak? Hoe?*



Klanke: Hersien die klanke en oefen om hulle saam te voeg



TYD
15 minute



HULP-
BRONNE:
Kernleesboek

1. **Hersien die klanke: i, g, e**
 - a. Sê die klank 3 keer.
 - b. Wys die Klankkaart aan die leerders en lees die klank 3 keer.
 - c. Vra die leerders om eers na die klank te luister en dit dan te herhaal.
 - d. Wys die leerders op die taalreël: As die woord voor die s.nw. staan, eindig die woord in -ige.
2. **Demonstreer hoe om klanke saam te voeg en te verdeel deur hierdie klanke te gebruik.**
 - a. Hersien die volgende klanke saam met die leerders: i, g, e, a, p
 - b. Sê die volgende woord: *pragtige*
 - c. Vra 'n individuele leerder om versigtig te luister en dan die woord in klanke te verdeel: bv.: *p-r-a-g-t-i-g-e*
 - d. Skryf elke klank op die bord neer, soos die leerder dit sê.
 - e. Roep daarna 'n ander leerder om die klanke saam te voeg om die woord te lees.
 - f. Korrigeer leerders indien hulle enige foute maak.
 - g. Herhaal met die woord: *stadige*.
3. **Oriënteer die leerders ten opsigte van Woensdag se aktiwiteite in die Kernleesboek.**
 - a. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 113.
 - b. Nooi individuele leerders om u te help om elke aktiwiteit te demonstreer.
 - c. Demonstreer op die bord hoe enige geskrewe aktiwiteite voltooi moet word.

Let wel: Sê aan die leerders dat hulle hierdie aktiwiteite saam met 'n maat tydens Groepbegeleide Lees sal doen.



Handskrif: Oefen lopende handskrif



TYD
15 minute



HULP-
BRONNE:
Handskrif-
muurkaart

1. **Berei die leerders voor vir handskrif.**
 - a. Sê: Kom ons warm ons vingers op deur voor te gee om klavier te speel.
 - b. Kontroleer en pas die leerders se postuur en potloodgreep aan.
2. **Demonstreer hoe om die volgende woorde in lopende skrif te skryf:** *ruil*.
Victor
 - a. Verduidelik die beginpunt, rigting en verbintenis tussen letters, terwyl u skryf.
 - b. Gee die leerders opdrag om die woorde in lopende skrif in hulle skryfboeke te skryf.
 - c. Stap rond en kontroleer elke leerder se: lettervorming, verbindings en spasiëring.



Gedeelde lees: Doen die Eerste Lees



TYD
15 minute



HULP-
BRONNE:
Storiebundel,
bladsy 177

1. Berei die leerders voor vir die Eerste Lees.

- a. Laat die leerders op die mat sit.
- b. Herinner hulle aan die verwagte gedrag.
- c. Herinner die leerders aan die storie se titel: *Piet maak 'n nuwe maat*.
- d. Sê: *Hierdie verhaal gaan oor Piet wat altyd saam met sy beste maats, Stefan en Theo, speel. Eendag vra sy onderwyser hom om vir Thomas, 'n skaam seun wat pouses alleen sit, in te sluit. Aanvanklik wil Piet nie vir Thomas insluit nie. Maar later dink hy hoe alleen hy gevoel het toe hy by die skool begin het. In hierdie verhaal vind ons uit wat Piet besluit om te doen ...*

2. Doen die Eerste Lees as volg:

- a. Lees elke bladsy van die storie hardop, vlot en hoorbaar.
- b. Wys die prente aan die leerders.
- c. Waar nodig, stop en verduidelik aan die leerders.
- d. Wys die woordeskatwoorde aan die leerders, soos dit voorkom.
- e. Aan die einde van die storie, vra die Lees 1 vrae as volg:
 - Rig Vraag 1 & 2 aan individuele leerders.
 - Rig Vraag 3 & 4 aan die hele klas. Vra die leerders om die vraag met 'n maat te bespreek.
 - Nooi 'n paar leerders om hulle antwoorde te deel.
- f. Herinner leerders aan die begripstrategie.
 - Hierdie week leer ons hoe om: Verbindings te maak.
 - Vra die leerders: Kan jy 'n verbinding met hierdie storie maak? Het iets soortgelyks al ooit met jou, of iemand wat jy ken, gebeur?



Skryf: Stel die Taalstrukture van Afrikaans bekend en oefen dit



TYD
20 minute



HULP-
BRONNE:
Geen
hulpbronne
benodig nie

1. **Stel die TSA (Taalstrukture van Afrikaans) bekend.**
 - a. Hierdie week gaan ons fokus op: Gebruik aanhalingstekens (gesprekstekens) om die woorde wat iemand anders sê, aan te toon (direkte rede).
 - b. Skryf 'n sin op die bord: Sy sê: "Ek gee nooit moed op nie!"
 - c. Verduidelik die Taalstrukture van Afrikaans binne konteks: Aanhalingstekens (gesprekstekens) word gebruik om te wys dat iemand hierdie woorde gesê het (direkte rede).
2. **Oefen die Taalstrukture van Afrikaans saam met die leerders.**
 - a. Skryf op die bord: Hy het gesê My gunsteling om te lees is strokiesprente.
 - b. Vra die leerders: Waar kom die aanhalingstekens in hierdie sin?
 - c. Hou 'n dinkskrum saam met die leerders:
 - Ons gebruik aanhalingstekens om die presiese woorde wat iemand sê, aan te dui. Plaas 'n dubbelpunt na gesê en begin met die aanhaling. Onthou om met aanhalingstekens af te sluit. Die korrekte sin is: Hy het gesê: "My gunsteling om te lees is strokiesprente."
3. **Gee die leerders tyd om die Taalstrukture van Afrikaans onafhanklik te oefen.**
 - a. Skryf op die bord:
 - Sy het gesê Ek help graag my maats.
 - Hy het my gehelp toe ek hartseer was het Otto gesê.
 - Hy het sy vriend gevra Hoekom voel jy hartseer.
 - b. Verduidelik aan die leerders: Plaas aanhalingstekens op die regte plekke in die sinne.
 - c. Gee die leerders 'n paar minute om die opdrag te voltooi.
4. **Toets die leerders se begrip.**
 - a. Kry weer die leerders se aandag.
 - b. Vra verskillende leerders om hulle antwoorde te deel.
 - c. Wys die volgende uit: Aanhalingstekens (gesprekstekens) word gebruik om te wys dat iemand hierdie woorde gesê het (direkte rede).



Groepbegeleide lees: Werk met groepe 5 & 6



TYD
30 minute



HULP-
BRONNE:
Kernleesboek

Gegradeerde
/ Vlak-
gebaseerde
Leesboeke
(word nie
deur NHLRP
voorsien nie)

1. **Berei die leerders voor vir Groepbegeleide Lees.**
 - a. Maak seker dat die leerders weet in watter leesgroep hulle is.
 - b. Laat die leerders in pare gaan sit met hulle Kernleesboeke, skryfboeke en potlode.
 - c. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 113.
2. **Behandel die dag se aktiwiteite in die Kernleesboek met die leerders.**
Herinner die leerders wat om te doen om elke aktiwiteit te voltooi.
3. **Roep Groep 5 na die area vir Groepbegeleide Lees.**
 - a. Laat die groep met hulle Kernleesboeke gaan sit.
 - b. Nooi individuele leerders om die klanke te lees.
 - c. Nooi individuele leerders om die dekodeeringsaktiwiteite te voltooi.
 - d. Nooi elke leerder om die woorde of 'n uittreksel van die vorige WEEK te lees.
 - e. Maak 'n nota van die leerders wat hulp nodig het.
 - f. Maak 'n nota van die klanke wat gekonsolideer moet word.
4. **Gebruik Gegradeerde/Vlakgebaseerde Leesboeke**
 - a. Deel die beskikbare leesboeke aan die groep uit. (Gegradeerde/Vlakgebaseerde Leesboeke)
 - b. Luister na elke leerder wat hardop uit 'n leesboek lees.
 - c. As dit met die skoolbeleid ooreenstem, laat die leerders Gegradeerde/Vlakgebaseerde Leesboeke huis toe neem.
5. **Stuur Groep 5 terug na hulle tafels en roep Groep 6.**



Einde van die dag: Lees hardop



TYD
15 minute



HULP-
BRONNE:
Onderwyser
se eie
hulpbronne

- Gebruik u eie hulpbronne: Grootboeke, Storiebundels en Storieboeke is almal geskik.
- Gebruik hierdie tyd om te demonstreer hoe om vlot en met gevoel te lees.
- Hierdie aktiwiteit help leerders om 'n liefde vir stories en lees te ontwikkel.
- Dit bou ook hulle woordeskatt, agtergrondkennis en werkgeheue. Dit is alles belangrike begripsvaardighede.



Klanke: Oefen samevoeging en verdeling



TYD
15 minute



HULP-
BRONNE:
Kernleesboek

1. **Teken 'n tabel en skryf die volgende klanke in die tabel:** e, l, i, k, g, t, ee, r, h, n, v, ei
 - a. Wys na elke klank in die tabel en sê die klank.
 - b. Wys na elke klank in die tabel en vra verskillende leerders om die klank te lees.
2. **Demonstreer hoe om 'n woord te bou.**
 - a. Dink aan woorde wat jy kan bou deur die klanke in die tabel te gebruik.
 - b. Wys na die eerste klank, sê die klank en skryf dit op die bord.
 - c. Herhaal dit vir al die klanke in die woord.
 - d. Volg die woord met jou vinger en voeg al die klanke saam om die woord te lees.
3. **Roep individuele leerders om woorde te bou.**
 - a. Roep 2–3 leerders om woorde te bou deur dieselfde proses te gebruik.
 - b. Herstel enige foute wat leerders maak.
4. **Oriënteer die leerders ten opsigte van Donderdag se aktiwiteite in die Kernleesboek.**
 - a. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 114.
 - b. Lees die teks hardop. Sê aan die leerders om in hulle boeke te volg terwyl u lees.
 - c. Lees die teks weer en laat die leerders hierdie keer saam met u inval.
 - d. Demonstreer op die bord hoe om die geskrewe begripstoets te voltooi.
 - e. Demonstreer op die bord hoe die Morfologie-aktiwiteit voltooi moet word.

Let wel: Sê aan die leerders dat hulle hierdie aktiwiteite saam met 'n maat tydens Groepbegeleide Lees sal doen.



Handskrif: Oefen lopende handskrif



TYD
15 minute



HULP-
BRONNE:
Handskrif-
muurkaart

1. **Berei die leerders voor vir handskrif.**
 - a. Sê: Kom ons warm ons vingers op deur 'n vuus te maak vir 5 tellings en jou hand dan te ontspan.
 - b. Kontroleer en pas die leerders se postuur en potloodgreep aan.
2. **Demonstreer hoe om die volgende sin in lopende skrif te skryf:** *Vier klein varkies vlieg in die vliegtuig.*
 - a. Verduidelik die beginpunt, rigting en verbintenis tussen letters, terwyl u skryf.
 - b. Gee die leerders opdrag om die sinne in lopende skrif in hulle skryfboeke te skryf.
 - c. Stap rond en kontroleer elke leerder se: lettervorming, verbindings en spasiëring.



Gedeelde lees: Doen die Tweede Lees



TYD
15 minute



HULP-
BRONNE:
Storiebundel,
bladsy 177

1. **Berei die leerders voor vir die Tweede Lees.**
 - a. Laat die leerders op die mat sit.
 - b. Herinner hulle aan die verwagte gedrag.
 - c. Herinner die leerders aan die storie se titel: *Piet maak 'n nuwe maat.*
 - d. Herinner leerders aan die begripstrategie.
 - Herinner leerders aan die begripstrategie.
 - Hierdie week leer ons hoe om: Verbindings te maak.
 - Onthou, ons het dit gister bespreek toe ek julle gevra het: Kan jy 'n verbinding met hierdie storie maak? Het iets soortgelyks al ooit met jou, of iemand wat jy ken, gebeur?
2. **Doen die Tweede Lees soos volg:**
 - a. Lees elke bladsy van die storie hardop, vlot en hoorbaar.
 - b. Wys die prent aan die leerders.
 - c. Gebruik die voorbeelde op die inleidingsbladsy om die begripstrategie te demonstreer.
 - d. Aan die einde van die storie, vra die Lees 2 vrae as volg:
 - Rig Vraag 1 & 2 aan individuele leerders.
 - Rig Vraag 3 & 4 aan die hele klas. Vra die leerders om die vraag met 'n maat te bespreek.
 - Nooi 'n paar leerders om hulle antwoorde te deel.



Skryf: Die onderwyser demonstreer hoe om te beplan



TYD
20 minute



HULP-
BRONNE:
Skryf-
raamwerk

1. **Stel die skryfonderwerp bekend.**
 - a. In hierdie siklus gaan ons skryf oor: 'n Tyd toe ek iemand gehelp het.
2. **Verduidelik mondelings jou eie antwoord vir die skryfopdrag voordat jy skryf. Gebruik die skryfraamwerk.**

Sê:

 - a. Ek het iemand gehelp deur ...
3. **Demonstreer die beplanning vir die skryfopdrag op die bord.**
 - a. Gebruik 'n breinkaart om jou storie te beplan:
 - Wie het jy gehelp?
 - Waar het dit gebeur?
 - Watter probleem of moeilikheid het die persoon gehad?
 - Hoe het jy opgemerk dat die persoon hulp nodig?
 - Wat het jy besluit om te doen?
 - Hoe het jy hulle gehelp?
 - Hoe het die persoon gevoel nadat jy hom/haar gehelp het?
 - Hoe het jy gevoel nadat jy hulp verleen het?
 - Hoekom is dit belangrik om ander te help?
4. **Kry die leeders aan die dink.**
 - a. Mōre gaan jy jou eie skryfstuk beplan. Bring mōre jou idees saam met jou.

Skryfraamwerk:

Eenkeer het ek iemand gesien ...

Hy/sy het ... gevoel

Ek het opgemerk dat ... omdat ...

Ek het gesê: "..."

Hy/sy het gesê: "..."

Ek het besluit om ...

Nadat ek gehelp het, het hy/sy ... gevoel.

Om te help het my ... laat voel.

Deernis beteken ...



Groepbegeleide lees: Werk met groepe 7 & 8



TYD
30 minute



HULP-
BRONNE:
Kernleesboek

Gegradeerde
/ Vlak-
gebaseerde
Leesboeke
(word nie
deur NHLRP
voorsien nie)

1. **Berei die leerders voor vir Groepbegeleide Lees.**
 - a. Maak seker dat die leerders weet in watter leesgroep hulle is.
 - b. Laat die leerders in pare gaan sit met hulle Kernleesboeke, skryfboeke en potlode.
 - c. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 114.
2. **Behandel die dag se aktiwiteite in die Kernleesboek met die leerders.**
Herinner die leerders wat om te doen om elke aktiwiteit te voltooi.
3. **Roep Groep 7 na die area vir Groepbegeleide Lees.**
 - a. Laat die groep met hulle Kernleesboeke gaan sit.
 - b. Nooi individuele leerders om die klanke te lees.
 - c. Nooi individuele leerders om die dekoderingsaktiwiteite te voltooi.
 - d. Nooi elke leerder om die woorde of 'n uittreksel van die vorige WEEK te lees.
 - e. Maak 'n nota van die leerders wat hulp nodig het.
 - f. Maak 'n nota van die klanke wat gekonsolideer moet word.
4. **Gebruik Gegradeerde/Vlakgebaseerde Leesboeke**
 - a. Deel die beskikbare leesboeke aan die groep uit. (Gegradeerde/Vlakgebaseerde Leesboeke)
 - b. Luister na elke leerder wat hardop uit 'n leesboek lees.
 - c. As dit met die skoolbeleid ooreenstem, laat die leerders Gegradeerde/Vlakgebaseerde Leesboeke huis toe neem.
5. **Stuur Groep 7 terug na hulle tafels toe en roep Groep 8.**



Einde van die dag: Lees hardop



TYD
15 minute



HULP-
BRONNE:
Onderwyser
se eie
hulpbronne

- Gebruik u eie hulpbronne: Grootboeke, Storiebundels en Storieboeke is almal geskik.
- Gebruik hierdie tyd om te demonstreer hoe om vlot en met gevoel te lees.
- Hierdie aktiwiteit help leerders om 'n liefde vir stories en lees te ontwikkel.
- Dit bou ook hulle woordeskat, agtergrondkennis en werkgeheue. Dit is alles belangrike begripsvaardighede.



Luister en praat: Bespreek die storie van Gedeelde Lees



TYD
15 minute



HULP-
BRONNE:
Besprekings-
raamwerk:

Die
hoofgedagte
van die storie
is ...

Ek het van
die karakter ...
gehou, want
...

Ek het geleer
dat ...

Ek het gedink
dit was
verkeerd/reg
toe ... ,want ...

1. **Berei die leerders voor vir 'n groepbespreking.**
 - a. Verdeel die leerders in groepe van 4.
 - b. Gee aan elke groep 'n 'praatstok of -klip'.
 - c. Sê: Jy mag slegs praat wanneer jy die 'praatstok/-klip' vashou.
2. **Behandel die besprekingsvrae.**
 - a. Herinner leerders aan die WEEK se storie vir gedeelde lees.
 - b. Skryf die besprekingsraamwerk op die bord.
 - c. Lees en verduidelik elke vraag aanvangsin.
 - d. Sê aan die leerders dat elke lid van die groep 'n beurt moet kry om elke vraag te beantwoord.
 - e. Moedig leerders aan om aan verskillende antwoorde te dink.
3. **Gee die leerders opdrag om hulle besprekings te begin.**
 - a. Gee die leerders wat die 'praatstok/-klip' het opdrag om te begin.
 - b. Stap rond en bied hulp aan soos benodig.
 - c. Tydens die laaste paar minute, nooi 'n groep om hulle antwoorde te deel.
4. **Leerdervoorbereiding**
 - a. Identifiseer 3–4 leerders om Maandag 'n Mondelinge Aanbieding te doen.
 - b. Sê vir hierdie leerders wat om vir Maandag voor te berei. (Sien die LP se lesplan vir Maandag)



Klanke: Diktee



TYD
15 minute



HULP-
BRONNE:
Geen
hulpbronne
benodig nie

1. **Laat die leerders rustig met hulle skryfboeke, penne en liniale sit.**
 - a. Gee aan die leerders opdrag om die opskrif 'Diktee' te skryf, sowel as die getalle 1–5 in die kantlyn.
 - b. Roep die volgende vyf woorde uit sodat die leerders dit langsaan die getalle 1–5 neerskryf: ketel, wortel, moeilike, eerlike, vinnige
 - c. Gee daarna aan die leerders opdrag om die sin wat u sê neer te skryf, deur van die korrekte hoofletters en leestekens gebruik te maak.
 - d. Sê die volgende sin. Herhaal dit stadig, twee keer indien nodig: Dit is 'n sappige lemoen.
2. **Gee aan die leerders opdrag om 'n inkleurpotlood te gebruik om hulle eie werk te korrigeer.**
 - a. Skryf die vyf woorde en die sin op die bord neer.
 - b. Klank die woorde, soos u dit neerskryf.
 - c. Wys die hoofletters en leestekens uit wat in die sin gebruik word.
 - d. Gee die leerders opdrag om hulle foute met die inkleurpotlood te omkring.
 - e. Gee aan die leerders opdrag om hulle foute korrek oor te skryf.
3. **Neem kennis van die leerders se uitdagings en vordering.**
4. **Oriënteer die leerders ten opsigte van Vrydag se aktiwiteite in die Kernleesboek.**
 - a. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 116.
 - b. Lees die teks hardop. Sê aan die leerders om in hulle boeke te volg terwyl u lees.
 - c. Demonstreer op die bord hoe om die geskrewe begripstoets te voltooi.
 - d. Demonstreer op die bord hoe die Morfologie-aktiwiteit voltooi moet word.

Let wel: Sê aan die leerders dat hulle hierdie aktiwiteite saam met 'n maat tydens Groepbegeleide Lees sal doen.



Gedeelde lees: Doen die Aktiwiteite na die Lees



TYD
15 minute



HULP-
BRONNE:
Storiebundel,
bladsy 177

1. **Berei die leerders voor vir die Aktiwiteit na die Lees.**
 - a. Herinner die leerders aan die storie se titel: *Piet maak 'n nuwe maat*.
 - b. Verduidelik die opdrag. Sê: Vandag gaan ons die storie opsom.
2. **Demonstreer die opdrag as volg:**
 - a. Sê: Wanneer ons die storie opsom, moet ons sê:
 - Waaroor die storie gegaan het
 - Waarvan ek die meeste in die storie gehou het
 - Wat ek uit die storie geleer het
 - b. Deel kortliks jou antwoorde op hierdie vrae.
 - c. Probeer om nie die ooglopendste antwoorde as voorbeeld te kies nie.
3. **Gee die leerders opdrag om die opdrag te voltooi.**
 - a. Laat die leerders aan hulle eie opsommings dink en nie u voorbeeld gebruik nie.
 - b. Laat die leerders hulle antwoorde as volg begin:
 - Die storie het gegaan oor ...
 - Ek het gehou van ...
 - Ek het geleer ...
 - c. Gee die leerders hierna opdrag om hulle opsommings met 'n maat te deel.
 - d. Terwyl die leerders hulle opsommings deel, loop rond en verskaf hulp soos nodig.
 - e. Roep aan die einde van die les 1–2 leerders om hulle opsommings met die klas te deel.
4. **Laat die leerders toe om hulle werk te deel.**
 - a. Gee leerders 'n paar minute om hulle werk aan 'n maat te wys.
 - b. Nooi 'n leerder om hulle werk met die klas te deel.



Skryf: Leerders beplan



TYD
20 minute



HULP-
BRONNE:
Skryf-
raamwerk

1. **Herinner leerders aan die skryfonderwerp.**
 - a. In hierdie siklus sal ons oor die volgende skryf: 'n Tyd toe ek iemand gehelp het.
2. **Gee die leerders opdrag om na te dink oor hulle antwoorde vir die skryfonderwerp.**
 - a. Sê: Dink nou na oor hoe jy die skryfonderwerp gaan antwoord.
 - b. Gee die leerders opdrag om hulle idees met 'n maat deel.
 - c. Roep 'n paar leerders om hulle antwoorde met die klas te deel.
3. **Gee die leerders opdrag om hulle skryfwerk in hulle skryfboeke te beplan.**
 - a. Sê: Gebruik nou 'n breinkaart om jou idees neer te skryf en die skryfopdrag te beplan.
4. **Stap in die klaskamer rond en help individuele leerders om te beplan.**
 - a. Sê: Vertel my van jou idees.
 - b. Help leerders wat sukkel om hulle breinkaarte te voltooi.

Skryfraamwerk:

Eenkeer het ek iemand gesien ...
 Hy/sy het ... gevoel
 Ek het opgemerk dat ... omdat ...
 Ek het gesê: "..."
 Hy/sy het gesê: "..."
 Ek het besluit om ...
 Nadat ek gehelp het, het hy/sy ... gevoel.
 Om te help het my ... laat voel.
 Deernis beteken ...



Groepbegeleide lees: Werk met groepe 9 & 10



TYD
30 minute



HULP-
BRONNE:
Kernleesboek

Gegradeerde
/ Vlak-
gebaseerde
Leesboeke
(word nie
deur NHLRP
voorsien nie)

1. **Berei die leerders voor vir Groepbegeleide Lees.**
 - a. Maak seker dat die leerders weet in watter leesgroep hulle is.
 - b. Laat die leerders in pare gaan sit met hulle Kernleesboeke, skryfboeke en potlode.
 - c. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 116.
2. **Behandel die dag se aktiwiteite in die Kernleesboek met die leerders.**
Herinner die leerders wat om te doen om elke aktiwiteit te voltooi.
3. **Roep Groep 9 na die area vir Groepbegeleide Lees.**
 - a. Laat die groep met hulle Kernleesboeke gaan sit.
 - b. Nooi individuele leerders om die klanke te lees.
 - c. Nooi individuele leerders om die dekoderingsaktiwiteite te voltooi.
 - d. Nooi elke leerder om die woorde of 'n uittreksel van die vorige WEEK te lees.
 - e. Maak 'n nota van die leerders wat hulp nodig het.
 - f. Maak 'n nota van die klanke wat gekonsolideer moet word.
4. **Gebruik Gegradeerde/Vlakgebaseerde Leesboeke**
 - a. Deel die beskikbare leesboeke aan die groep uit. (Gegradeerde/Vlakgebaseerde Leesboeke)
 - b. Luister na elke leerder wat hardop uit 'n leesboek lees.
 - c. As dit met die skoolbeleid ooreenstem, laat die leerders Gegradeerde/Vlakgebaseerde Leesboeke huis toe neem.
5. **Stuur Groep 9 terug na hulle tafels en roep Groep 10.**



Einde van die dag: Lees hardop



TYD
15 minute



HULP-
BRONNE:
Onderwyser
se eie
hulpbronne

- Gebruik u eie hulpbronne: Grootboeke, Storiebundels en Storieboeke is almal geskik.
- Gebruik hierdie tyd om te demonstreer hoe om vlot en met gevoel te lees.
- Hierdie aktiwiteit help leerders om 'n liefde vir stories en lees te ontwikkel.
- Dit bou ook hulle woordeskat, agtergrondkennis en werkgeheue. Dit is alles belangrike begripsvaardighede.



Luister en praat: Mondelinge aanbieding



TYD
15 minute



HULP-
BRONNE:
Kies leerders
om 'n item of
prent saam te
bring vir 'Wys
en vertel'

1. **Laat die leerders rustig raak sodat hulle na hulle klasmaats se mondelinge aanbiedings kan luister.**
2. **Herinner die leerders aan die volgende opdrag: Wys en vertel**
 - a. Hou die item of prent wat jy klas toe gebring het op en wys dit vir ons.
 - b. Vertel ons meer van die item of prent. Sê:
 - Vandag sal ek julle vertel van ...
 - Dit is ... (hoe groot, wat is die kleur, gewig, tekstuur, ens.)
 - Dit word gebruik om/vir
 - Ek hou daarvan omdat ...
 - c. Vra daarna vir die klas: Het julle enige vrae?
 - d. As iemand 'n vraag het, probeer u bes om dit te beantwoord.
3. **Herinner die leerders aan die volgende aanbiedingsvaardighede:**
 - a. Onthou die volgende wanneer jy aanbied:
 - Hou jou item of prent sodat almal dit mooi kan sien
 - Sê jou sinne in die regte volgorde
 - Sê net een keer iets – moenie jouself herhaal nie
 - Praat hard en duidelik
4. **Roep die gekose leerders om een op 'n keer hulle aanbiedings te kom doen.**
 - a. Bou elke leerder se selfvertroue deur hulle te bedank vir hulle aanbieding en positiewe terugvoer te gee.
 - b. Gee aan die einde van die les algemene terugvoer aan die klas om hulle aanbiedings te verbeter. Byvoorbeeld: Ek het gesukkel om sommige van julle te hoor. Probeer asseblief om jou stem mooi hoorbaar te hou – ons wil graag hoor wat jy te sê het.



Klanke: Hersien die klanke en oefen om hulle saam te voeg



TYD
15 minute



HULP-
BRONNE:
Kernleesboek

1. **Hersien die klanke:** *oei, eeu*
 - a. Sê die klank 3 keer.
 - b. Wys die Klankkaart aan die leerders en lees die klank 3 keer.
 - c. Vra die leerders om eers na die klank te luister en dit dan te herhaal.
2. **Demonstreer hoe om klanke saam te voeg en te verdeel deur hierdie klanke te gebruik.**
 - a. Hersien die volgende klanke saam met die leerders: *oei, eeu, g, n, s, r*
 - b. Sê die volgende woord: *groei*
 - c. Vra 'n individuele leerder om versigtig te luister en dan die woord in klanke te verdeel: bv.: *g-r-oei*
 - d. Skryf elke klank op die bord neer, soos die leerder dit sê.
 - e. Roep daarna 'n ander leerder om die klanke saam te voeg om die woord te lees.
 - f. Korrigeer leerders indien hulle enige foute maak.
 - g. Herhaal met die woord: *sneeu*
3. **Oriënteer die leerders ten opsigte van Maandag se aktiwiteite in die Kernleesboek.**
 - a. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 118.
 - b. Nooi individuele leerders om u te help om elke aktiwiteit te demonstreer.
 - c. Demonstreer op die bord hoe enige geskrewe aktiwiteite voltooi moet word.

Let wel: Sê aan die leerders dat hulle hierdie aktiwiteite saam met 'n maat tydens Groepbegeleide Lees sal doen.



Handskrif: Onderrig die letterformasie van kleinletters in lopende skrif



TYD
15 minute



HULP-
BRONNE:
Handskrif-
muurkaart

1. **Berei die leerders voor vir handskrif.**
 - a. Sê: Kom ons warm ons vingers op deur 'n stuk papier op te frommel en dit dan weer glad te maak.
 - b. Kontroleer en pas die leerders se postuur en potloodgreep aan.
2. **Wys aan die leerders hoe om die volgende te vorm:** *W*
 - a. Staan met u rug na die leerders.
 - b. Gee die linkshandige leerders opdrag om hulle koppe op die tafel te rus.
 - c. Gebruik u regterhand om die letter te vorm: *W*
 - d. Gee die regshandige leerders opdrag om die letter saam met u te vorm.
 - e. Herhaal dit nou met die linkshandige leerders.
3. **Gee die leerders opdrag om die vorming te oefen van:** *W*
 - a. Sê: Skryf die letter op jou maat se rug, op die tafel, in die sand.
4. **Gee die leerders opdrag om te oefen om te skryf:** *W*
 - a. Sê: Skryf die letter 3 keer in jou skryfboek.
 - b. Loop rond en kontroleer elke leerder se letterformasie.



Gedeelde lees: Stel die storie bekend



TYD
15 minute



HULP-
BRONNE:
Storiebundel,
Inleiding
bladsy 189

1. **Stel die storie bekend.**
 - a. Hierdie week gaan ons die storie lees met die titel, *Die ekstra broodjie*.
 - b. Sê: *Hierdie verhaal gaan oor Hannes wat ontdek dat sy vriend, Gert, nie middagetete het nie omdat sy ma in die hospitaal is. Hannes deel stil-stil sy toebroodjie en vra dan elke dag vir ekstra kos sodat hy kan aanhou om sy maat te help. Hy offer selfs sy gunstelingtoebroodjie op en eet nie ontbyt nie om seker te maak dat Gert iets het om te eet. Hannes leer dat om 'n maat te help jou goed laat voel en 'n verskil kan maak.*
 - c. Vra: Weet jy enigiets hiervan?
 - d. Wys die leerders vlugtig die prente uit die storie.
2. **Bou die leerders se agtergrondkennis.**
 - a. Deel en verduidelik die agtergrondinligting wat vir die storie verskaf is.
 - b. Wys aan die leerders waar die storie plaasvind deur van die Storiebundel se kaart gebruik te maak.
 - c. Vra: Het julle enige vrae oor die storie?
3. **Verduidelik die begripstrategie.**
 - a. Hierdie week gaan ons leer hoe om: Evaluasies te maak.
 - b. Verduidelik die strategie aan die leerders.



Groepbegeleide lees: Werk met groepe 1 & 2



TYD
30 minute



HULP-
BRONNE:
Kernleesboek

Gegradeerde
/ Vlak-
gebaseerde
Leesboeke
(word nie
deur NHLRP
voorsien nie)

1. **Berei die leerders voor vir Groepbegeleide Lees.**
 - a. Maak seker dat die leerders weet in watter leesgroep hulle is.
 - b. Laat die leerders in pare gaan sit met hulle Kernleesboeke, skryfboeke en potlode.
 - c. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 118.
2. **Behandel die dag se aktiwiteite in die Kernleesboek met die leerders.**
Herinner die leerders wat om te doen om elke aktiwiteit te voltooi.
3. **Roep Groep 1 na die area vir Groepbegeleide Lees.**
 - a. Laat die groep met hulle Kernleesboeke gaan sit.
 - b. Nooi individuele leerders om die klanke te lees.
 - c. Nooi individuele leerders om die dekoderingsaktiwiteite te voltooi.
 - d. Nooi elke leerder om die woorde of 'n uittreksel van die vorige WEEK te lees.
 - e. Maak 'n nota van die leerders wat hulp nodig het.
 - f. Maak 'n nota van die klanke wat gekonsolideer moet word.
4. **Gebruik Gegradeerde/Vlakgebaseerde Leesboeke**
 - a. Deel die beskikbare leesboeke aan die groep uit. (Gegradeerde/Vlakgebaseerde Leesboeke)
 - b. Luister na elke leerder wat hardop uit 'n leesboek lees.
 - c. As dit met die skoolbeleid ooreenstem, laat die leerders Gegradeerde/Vlakgebaseerde Leesboeke huis toe neem.
5. **Stuur Groep 1 terug na hulle tafels en roep Groep 2.**



Einde van die dag: Lees hardop



TYD
15 minute



HULP-
BRONNE:
Onderwyser
se eie
hulpbronne

- Gebruik u eie hulpbronne: Grootboeke, Storiebundels en Storieboeke is almal geskik.
- Gebruik hierdie tyd om te demonstreer hoe om vlot en met gevoel te lees.
- Hierdie aktiwiteit help leerders om 'n liefde vir stories en lees te ontwikkel.
- Dit bou ook hulle woordeskat, agtergrondkennis en werkgeheue. Dit is alles belangrike begripsvaardighede.



Luister en praat: Onderrig woordeskat



TYD
15 minute



HULP-
BRONNE:
Woordeskat
flitskaarte,
prente,
voorwerpe
Kernleesboek

1. **Herinner die leerders aan die tema.**
 - a. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 108.
 - b. Lees of noem die taalverryking weer 'n keer.
 - c. Wys aan die leerders die lys van woordeskatwoorde vir die tema.
 - d. Verduidelik dat hierdie woorde hulle sal help om die tema te verstaan en om daaroor te gesels.
 - e. Lees die lys woorde aan hulle.
2. **Gebruik WOES om woordeskat te onderrig.**
 - a. Onderrig die volgende woordeskatwoorde:
 - *ongeluk: iets sleg wat skielik gebeur en wat nie beplan is nie, soos wanneer iemand per ongeluk seerkry.*
 - *hospitaal: 'n Plek waar dokters en verpleegsters vir siek en beseerde mense sorg.*
 - *sluip: Om stil en in die geheim te beweeg, sodat niemand dit eers sal agterkom nie.*
 - *vrygewig: As iemand gewillig is om iets met ander mense te deel, selfs al beteken dit dat jy iets moet opgee waarvan jy hou.*
 - *dankbaar: Om dit baie te waardeer omdat iemand jou gehelp het of vir jou goed was.*
3. **Gebruik die strategieë van WOES wat gepas is vir elke woord:**

W: Wys – Wys na 'n prent of werklike voorwerp

O: Opvoer – Voer die woord op

E: vErduidelik – Verduidelik aan die leerders wat die woord beteken

S: Sin – Gebruik die woord in 'n sin



Klanke: Hersien die klanke en oefen om hulle saam te voeg



TYD
15 minute



HULP-
BRONNE:
Kernleesboek

1. **Hersien die klanke:** ê, eë
 - a. Sê die klank 3 keer.
 - b. Wys die Klankkaart aan die leerders en lees die klank 3 keer.
 - c. Vra die leerders om eers na die klank te luister en dit dan te herhaal.
2. **Demonstreer hoe om klanke saam te voeg en te verdeel deur hierdie klanke te gebruik.**
 - a. Hersien die volgende klanke saam met die leerders: ê, eë, o, r, v, w
 - b. Sê die volgende woord: *wêreld*
 - c. Vra 'n individuele leerder om versigtig te luister en dan die woord in klanke te verdeel: bv.: *w-ê-r-e-l-d*
 - d. Skryf elke klank op die bord neer, soos die leerder dit sê.
 - e. Roep daarna 'n ander leerder om die klanke saam te voeg om die woord te lees.
 - f. Korrigeer leerders indien hulle enige foute maak.
 - g. Herhaal met die woord: *vroeë*
3. **Oriënteer die leerders ten opsigte van Dinsdag se aktiwiteite in die Kernleesboek.**
 - a. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 119.
 - b. Nooi individuele leerders om u te help om elke aktiwiteit te demonstreer.
 - c. Demonstreer op die bord hoe enige geskrewe aktiwiteite voltooi moet word.

Let wel: Sê aan die leerders dat hulle hierdie aktiwiteite saam met 'n maat tydens Groepbegeleide Lees sal doen.



Handskrif: Onderrig die letterformasie van hoofletters in lopende skrif



TYD
15 minute



HULP-
BRONNE:
Handskrif-
muurkaart

1. **Berei die leerders voor vir handskrif.**
 - a. Sê: Kom ons warm ons vingers op deur ons hande te skud.
 - b. Kontroleer en pas die leerders se postuur en potloodgreep aan.
2. **Wys aan die leerders hoe om die volgende te vorm:** *W*
 - a. Staar met u rug na die leerders.
 - b. Gee die linkshandige leerders opdrag om hulle koppe op die tafel te rus.
 - c. Gebruik u regterhand om die letter te vorm, *W*
 - d. Gee die regshandige leerders opdrag om die letter saam met u te vorm.
 - e. Herhaal dit nou met die linkshandige leerders.
3. **Gee die leerders opdrag om die vorming te oefen van:** *W*
 - Sê: Skryf die letter op jou maat se rug, op die tafel, in die sand.
4. **Gee die leerders opdrag om te oefen om te skryf:** *W*
 - a. Sê: Skryf die letter 3 keer in jou skryfboek.
 - b. Loop rond en kontroleer elke leerder se letterformasie.



Gedeelde lees: Doen die Aktiwiteite voor die Lees



TYD
15 minute



HULP-
BRONNE:
Storiebundel,
bladsy 191

1. **Laat die leerders gaan sit vir die Aktiwiteit voor die Lees.**
 - a. Nooi leerders om op die mat of vloer te sit.
 - b. Sit voor die leerders met die Storiebundel.
 - c. Maak seker dat al die leerders die boek kan sien.
 - d. Herinner leerders aan die gedrag wat u tydens Gedeelde Lees verwag, bv. sit kruisbene; hou jou hande stil op jou skoot; luister aandagtig; reageer as jy iets gevra word; steek jou hand op om 'n vraag te vra.
2. **Doen die Aktiwiteit voor die Lees as volg:**
 - a. Sê die titel van die storie: *Die ekstra broodjie*.
 - b. Verduidelik die vaardigheid van voorspel. Sê: Wanneer ons iets voorspel, gebruik ons die titel en prente om te probeer uitwerk waarom die storie handel.
 - c. Wys die leerders die prente op elke bladsy.
 - d. Vra: Wat dink jy gebeur hier?
 - e. Vra: Hoe dink jy kan ons die prente met mekaar verbind?



Groepbegeleide lees: Werk met groepe 3 & 4



TYD
30 minute



HULP-
BRONNE:
Kernleesboek

Gegradeerde
/ Vlak-
gebaseerde
Leesboeke
(word nie
deur NHLRP
voorsien nie)

1. **Berei die leerders voor vir Groepbegeleide Lees.**
 - a. Maak seker dat die leerders weet in watter leesgroep hulle is.
 - b. Laat die leerders in pare gaan sit met hulle Kernleesboeke, skryfboeke en potlode.
 - c. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 119.
2. **Behandel die dag se aktiwiteite in die Kernleesboek met die leerders.**
Herinner die leerders wat om te doen om elke aktiwiteit te voltooi.
3. **Roep Groep 3 na die area vir Groepbegeleide Lees.**
 - a. Laat die groep met hulle Kernleesboeke gaan sit.
 - b. Nooi individuele leerders om die klanke te lees.
 - c. Nooi individuele leerders om die dekoderingsaktiwiteite te voltooi.
 - d. Nooi elke leerder om die woorde of 'n uittreksel van die vorige WEEK te lees.
 - e. Maak 'n nota van die leerders wat hulp nodig het.
 - f. Maak 'n nota van die klanke wat gekonsolideer moet word.
4. **Gebruik Gegradeerde/Vlakgebaseerde Leesboeke**
 - a. Deel die beskikbare leesboeke aan die groep uit. (Gegradeerde/Vlakgebaseerde Leesboeke)
 - b. Luister na elke leerder wat hardop uit 'n leesboek lees.
 - c. As dit met die skoolbeleid ooreenstem, laat die leerders Gegradeerde/Vlakgebaseerde Leesboeke huis toe neem.
5. **Stuur Groep 3 terug na hulle tafels en roep Groep 4.**



Einde van die dag: Lees hardop



TYD
15 minute



HULP-
BRONNE:
Onderwyser
se eie
hulpbronne

- Gebruik u eie hulpbronne: Grootboeke, Storiebundels en Storieboeke is almal geskik.
- Gebruik hierdie tyd om te demonstreer hoe om vlot en met gevoel te lees.
- Hierdie aktiwiteit help leerders om 'n liefde vir stories en lees te ontwikkel.
- Dit bou ook hulle woordeskat, agtergrondkennis en werkgeheue. Dit is alles belangrike begripsvaardighede.



Luister en praat: Kreatiewe storievertelling



TYD
15 minute



HULP-
BRONNE:
Kernleesboek

1. **Berei die leerders voor op kreatiewe storievertelling.**
 - a. Verdeel die leerders in groepe van 4.
 - b. Beveel die leerders om hulle Kernleesboeke op bladsy 12 oop te maak 120.
2. **Lei die leerders om na die prent te kyk.**
 - a. Vra: Wat sien jy in die prent?
3. **Vra die leerders om elkeen 'n kort storie op te maak oor die prent.**
4. **Verduidelik aan die leerders hoe om hulle stories te struktureer. Sê:**
 - a. Gee 'n naam aan elke karakter in die storie.
 - b. Sê waar die storie plaasvind.
 - c. Jou storie moet 'n begin, 'n middel en 'n einde hê.
 - d. Hierdie prent wys slegs 'n gedeelte van jou storie.
 - Die prent kan die begin van jou storie wys.
 - Die prent kan die middel van jou storie wys.
 - Die prent kan die einde van jou storie wys.
 - e. Jy kan jou storie begin deur te sê:
 - "Wat is fout?" vra ____ ...
 - Vroeër daardie dag ...
5. **Gee die leerders opdrag om die aktiwiteit te voltooi.**
 - a. Gee die leerders 'n paar minute om in stilte oor hulle storie te dink.
 - b. Gee dan die leerders opdrag om beurte te maak om hulle stories aan hulle groep te vertel. Jy mag dalk die 'praatstok/-klip' vir hierdie aktiwiteit wil gebruik.
 - c. Loop rond en luister terwyl die leerders praat.
6. **Eindig die les as volg:**
 - a. Roep een van die leerders om hulle storie met die klas te deel of vra 1-2 leerders vrae oor hulle groep se stories.
 - Vra: Waaroor het X se storie gegaan?
 - Vra: Waarvan het jy in X se storie gehou?
 - b. Gee aan die klas algemene terugvoer om hulle stories te verbeter.
Byvoorbeeld: Gewoonlik sê ons aan die begin van die storie waar die storie plaasvind en wie die karakters is. Probeer om volgende keer hierdie inligting by julle stories in te sluit.



Klanke: Hersien die klanke en oefen om hulle saam te voeg



TYD
15 minute



HULP-
BRONNE:
Kernleesboek

1. **Hersien die klanke: r, t, s**
 - a. Sê die klank 3 keer.
 - b. Wys die Klankkaart aan die leerders en lees die klank 3 keer.
 - c. Vra die leerders om eers na die klank te luister en dit dan te herhaal.
2. **Demonstreer hoe om klanke saam te voeg en te verdeel deur hierdie klanke te gebruik.**
 - a. Hersien die volgende klanke saam met die leerders: r, t, s, b, a, e, l, t
 - b. Sê die volgende woord: *blerts*
 - c. Vra 'n individuele leerder om versigtig te luister en dan die woord in klanke te verdeel: bv.: *b-l-e-r-t-s*
 - d. Skryf elke klank op die bord neer, soos die leerder dit sê.
 - e. Roep daarna 'n ander leerder om die klanke saam te voeg om die woord te lees.
 - f. Korrigeer leerders indien hulle enige foute maak.
 - g. Herhaal met die woord: *tandarts*.
3. **Oriënteer die leerders ten opsigte van Woensdag se aktiwiteite in die Kernleesboek.**
 - a. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 121.
 - b. Nooi individuele leerders om u te help om elke aktiwiteit te demonstreer.
 - c. Demonstreer op die bord hoe enige geskrewe aktiwiteite voltooi moet word.

Let wel: Sê aan die leerders dat hulle hierdie aktiwiteite saam met 'n maat tydens Groepbegeleide Lees sal doen.



Handskrif: Oefen lopende handskrif



TYD
15 minute



HULP-
BRONNE:
Handskrif-
muurkaart

1. **Berei die leerders voor vir handskrif.**
 - a. Sê: Kom ons warm ons vingers op deur voor te gee om klavier te speel.
 - b. Kontroleer en pas die leerders se postuur en potloodgreep aan.
2. **Demonstreer hoe om die volgende woorde in lopende skrif te skryf:**
woud. Wanita
 - a. Verduidelik die beginpunt, rigting en verbintenis tussen letters, terwyl u skryf.
 - b. Gee die leerders opdrag om die woorde in lopende skrif in hulle skryfboeke te skryf.
 - c. Stap rond en kontroleer elke leerder se: lettervorming, verbindings en spasiëring.



Gedeelde lees: Doen die Eerste Lees



TYD
15 minute



HULP-
BRONNE:
Storiebundel,
bladsy 191

1. **Berei die leerders voor vir die Eerste Lees.**
 - a. Laat die leerders op die mat sit.
 - b. Herinner hulle aan die verwagte gedrag.
 - c. Herinner die leerders aan die storie se titel: *Die ekstra broodjie*.
 - d. Sê: *Hierdie verhaal gaan oor Hannes wat ontdek dat sy vriend, Gert, nie middagete het nie omdat sy ma in die hospitaal is. Hannes deel stil-stil sy toebroodjie en vra dan elke dag vir ekstra kos sodat hy kan aanhou om sy ma te help. Hy offer selfs sy gunstelingtoebroodjie op en eet nie ontbyt nie om seker te maak dat Gert iets het om te eet. Hannes leer dat om 'n ma te help jou goed laat voel en 'n verskil kan maak.*
 - e. Vra: Weet jy enigiets hiervan?
2. **Doen die Eerste Lees as volg:**
 - a. Lees elke bladsy van die storie hardop, vlot en hoorbaar.
 - b. Wys die prente aan die leerders.
 - c. Waar nodig, stop en verduidelik aan die leerders.
 - d. Wys die woordeskatwoorde aan die leerders, soos dit voorkom.
 - e. Aan die einde van die storie, vra die Lees 1 vrae as volg:
 - Rig Vraag 1 & 2 aan individuele leerders.
 - Rig Vraag 3 aan die hele klas. Vra die leerders om die vraag met 'n ma te bespreek.
 - Nooi 'n paar leerders om hulle antwoorde te deel.
 - f. Herinner leerders aan die begripstrategie.
 - Hierdie week leer ons hoe om: Evaluasies te maak.
 - Vra die leerders: Ons leer gewoonlik iets uit 'n storie. Soms moet ons besluit of iets reg of verkeerd was. Soms moet ons besluit of iets goed of sleg was. Wat het jy uit hierdie storie geleer?



Skryf: Die onderwyser demonstreer die skryf van die eerste weergawe



TYD
20 minute



HULP-
BRONNE:
Skryf-
raamwerk

1. **Stel die skryfonderwerp en vereistes weer bekend.**
 - a. Sê: Hierdie siklus gaan ons skryf oor: 'n Tyd toe ek iemand gehelp het.
 - b. Verduidelik die vereistes vir die taak:
 - Genre: Persoonlike vertelling/narratief.
 - Sinne/paragrafe: Skryf twee paragrawe van ten minste vier sinne elk, elk met hul eie onderwerp.
 - Taalstrukture van Afrikaans: Aanhalingstekens (gesprekstekens) word gebruik om te wys dat iemand hierdie woorde gesê het (direkte rede).
2. **Demonstreer die opdrag op die bord.**
 - a. Herinner die leerders aan u idees volgens u breinkaart.
 - b. Wys die leerders hoe om u plan te gebruik om die skryfraamwerk te voltooi.
3. **Gee aan die leerders opdrag om in hulle skryfboeke te begin skryf.**
 - a. Sê: Gebruik nou jou eie plan om die skryfraamwerk in te vul.
4. **Stap in die klaskamer rond en help die individuele leerders om te begin skryf.**
 - a. Sê: Kom ons kyk na jou breinkaart en gebruik dit om te begin skryf.
 - b. Help leerders wat sukkel om die skryfraamwerk te gebruik.

Skryfraamwerk:

Eenkeer het ek iemand gesien ...
Hy/sy het ... gevoel
Ek het opgemerk dat ... omdat ...
Ek het gesê: "..."
Hy/sy het gesê: "..."
Ek het besluit om ...
Nadat ek gehelp het, het hy/sy ... gevoel.
Om te help het my ... laat voel.
Deernis beteken ...



Groepbegeleide lees: Werk met groepe 5 & 6



TYD
30 minute



HULP-
BRONNE:
Kernleesboek

Gegradeerde
/ Vlak-
gebaseerde
Leesboeke
(word nie
deur NHLRP
voorsien nie)

1. **Berei die leerders voor vir Groepbegeleide Lees.**
 - a. Maak seker dat die leerders weet in watter leesgroep hulle is.
 - b. Laat die leerders in pare gaan sit met hulle Kernleesboeke, skryfboeke en potlode.
 - c. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 121.
2. **Behandel die dag se aktiwiteite in die Kernleesboek met die leerders.**
Herinner die leerders wat om te doen om elke aktiwiteit te voltooi.
3. **Roep Groep 5 na die area vir Groepbegeleide Lees.**
 - a. Laat die groep met hulle Kernleesboeke gaan sit.
 - b. Nooi individuele leerders om die klanke te lees.
 - c. Nooi individuele leerders om die dekoderingsaktiwiteite te voltooi.
 - d. Nooi elke leerder om die woorde of 'n uittreksel van die vorige WEEK te lees.
 - e. Maak 'n nota van die leerders wat hulp nodig het.
 - f. Maak 'n nota van die klanke wat gekonsolideer moet word.
4. **Gebruik Gegradeerde/Vlakgebaseerde Leesboeke**
 - a. Deel die beskikbare leesboeke aan die groep uit. (Gegradeerde/ Vlakgebaseerde Leesboeke)
 - b. Luister na elke leerder wat hardop uit 'n leesboek lees.
 - c. As dit met die skoolbeleid ooreenstem, laat die leerders Gegradeerde/ Vlakgebaseerde Leesboeke huis toe neem.
5. **Stuur Groep 5 terug na hulle tafels en roep Groep 6.**



Einde van die dag: Lees hardop



TYD
15 minute



HULP-
BRONNE:
Onderwyser
se eie
hulpbronne

- Gebruik u eie hulpbronne: Grootboeke, Storiebundels en Storieboeke is almal geskik.
- Gebruik hierdie tyd om te demonstreer hoe om vlot en met gevoel te lees.
- Hierdie aktiwiteit help leerders om 'n liefde vir storiesv en lees te ontwikkel.
- Dit bou ook hulle woordeskat, agtergrondkennis en werkgeheue. Dit is alles belangrike begripsvaardighede.



Klanke: Oefen samevoeging en verdeling



TYD
15 minute



HULP-
BRONNE:
Kernleesboek

1. **Teken 'n tabel en skryf die volgende klanke in die tabel:** *oei, eeu, ê, eë, n, r, t, s, a, oo, g, b*
 - a. Wys na elke klank in die tabel en sê die klank.
 - b. Wys na elke klank in die tabel en vra verskillende leerders om die klank te lees.
2. **Demonstreer hoe om 'n woord te bou.**
 - a. Dink aan woorde wat jy kan bou deur die klanke in die tabel te gebruik.
 - b. Wys na die eerste klank, sê die klank en skryf dit op die bord.
 - c. Herhaal dit vir al die klanke in die woord.
 - d. Volg die woord met jou vinger en voeg al die klanke saam om die woord te lees.
3. **Roep individuele leerders om woorde te bou.**
 - a. Roep 2–3 leerders om woorde te bou deur dieselfde proses te gebruik.
 - b. Herstel enige foute wat leerders maak.
4. **Oriënteer die leerders ten opsigte van Donderdag se aktiwiteite in die Kernleesboek.**
 - a. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 122.
 - b. Lees die teks hardop. Sê aan die leerders om in hulle boeke te volg terwyl u lees.
 - c. Lees die teks weer en laat die leerders hierdie keer saam met u inval.
 - d. Demonstreer op die bord hoe om die geskrewe begripstoets te voltooi.
 - e. Demonstreer op die bord hoe die Morfologie-aktiwiteit voltooi moet word.

Let wel: Sê aan die leerders dat hulle hierdie aktiwiteite saam met 'n maat tydens Groepbegeleide Lees sal doen.



Handskrif: Oefen lopende handskrif



TYD
15 minute



HULP-
BRONNE:
Handskrif-
muurkaart

1. **Berei die leerders voor vir handskrif.**
 - a. Sê: Kom ons warm ons vingers op deur 'n vuus te maak vir 5 tellings en jou hand dan te ontspan.
 - b. Kontroleer en pas die leerders se postuur en potloodgreep aan.
2. **Demonstreer hoe om die volgende sin in lopende skrif te skryf:** *Waar woon Willie Wouter?*
 - a. Verduidelik die beginpunt, rigting en verbintenis tussen letters, terwyl u skryf.
 - b. Gee die leerders opdrag om die sinne in lopende skrif in hulle skryfboeke te skryf.
 - c. Stap rond en kontroleer elke leerder se: lettervorming, verbindings en spasiëring.



Gedeelde lees: Doen die Tweede Lees



TYD
15 minute



HULP-
BRONNE:
Storiebundel,
bladsy 191

1. **Berei die leerders voor vir die Tweede Lees.**
 - a. Laat die leerders op die mat sit.
